Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# AFRIKAANS HUISTAAL

## HERSIENINGSPAKKET
## 2025 KWARTAAL 3

## Graad 12

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat in Graad 12 onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal. As jy hierdie boekie en dié van Kwartaal 1 en Kwartaal 2 deeglik deurwerk, sal jy goed voorberei wees vir die Septembereksamen en die eindeksamen.

Die hersiening handel oor:

- Leesvaardighede by begripstoets;
- Lees en beantwoording van kontekstuele vrae by die Roman en Drama; en
- Lees, interpretasie van onderwerpe en die skryf van stelwerkstukke.

Liewe Graad 12-leerder

- Dit is belangrik dat dat jy eers die Graad 12 WKOD-lesse deeglik deurwerk en die oefeninge daarin doen.

- Ons gee wenke oor hoe jy die vrae en die beantwoording daarvan in die eksamen moet benader.

- Lees die vrae, wenke en verduidelikings by elke vraag deeglik en skryf dan jou antwoord neer.

- Onthou om by elke vraag na die puntetoekenning te kyk wat jou leiding gee oor hoeveel sinne/feite/woorde/dele jy moet beantwoord.

- Daar is spasie vir jou antwoord (gebruik 'n potlood vir herhaalde oefening tot jy suksesvol is).

- Die memorandum is aan die einde van die afdelings (probeer om eers al die vrae te beantwoord en raadpleeg dan die moontlike antwoord/-e)

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

NOTA: Maak seker jy verstaan en begryp die woorde, strategie en manier van beantwoording.

# Arm buurt, uitnemende skool – dit kan gedoen word

## Met skoon toilette en verjaardagkaartjies het een hoof haar sukkelende skool laat uitstyg...

1. Toe Ruschda O'Shea, hoof van Tafelsig High School, by dié skool in Mitchells Plain begin het, was dwelms en wapens nie 'n vreemde gesig op die terrein nie. Koerante het dit op hul voorblaaie uitbasuin: daar is chaos by die skool. Maar Ruschda se toiletborsel was 'n berekende wapen teen die skynbare oormag.

2. Ses jaar nadat sy die toilette begin skoonmaak het, is haar skool se matriekslaagsyfer 93,5%. Die skool het nie meer 'n geldtekort nie; elke honger leerder kry 'n maaltyd; daar is sportspanne en 'n goeie sportveld en onlangs het die skool selfs sy eie skoolbus, kompleet met skoolwapen op, aangekoop.

   'N RIMPELEFFEK

3. Een van Ruschda se groot kwellings was die slegte naam wat aan die skool gekleef het. Sou die leerders anders begin optree as hulle voel iemand ag hulle na waarde? Haar instink het gesê énigiemand hou daarvan om waardeer te word en niemand wil swak toilette hê nie. Sy moes boonop die onderwysers aan haar kant kry – en enige skoolhoof wat omgee vir ander se toilette maak 'n indruk. 'n Leier ontwikkel volgelinge en die onderwysers het dit raakgesien: dié skoolhoof gee om, maar sy verwag ook optrede.

4. Toe Ruschda haar eerste ouervergadering belê, wou die opsigter haar nie teleurstel nie. Hy het diplomaties voorgestel dat sy 50, in plaas van 200, stoele regsit. "Ons mense kom nie skool toe nie, Juffrou," het hy gewaarsku. Toe sy aandring, het hy 200 stoele reggesit. Teen laatmiddag het sy kom vra dat hy nog 200 stoele uitpak.

5. Sy is daardie aand laat huis toe, maar sy was tevrede dat die ouers haar boodskap gekry het. "Julle *lay-bye* mos R10 'n maand hier en R20 daar," het sy gesmeek, "asseblief, doen dieselfde vir die skool – ons wil iets doen vir jul kinders."

6. Deesdae lyk die skool se geldsake heelwat beter, al is Tafelsig steeds een van die armste buurte in die Kaapse metropool en is misdaad hier steeds aan die orde van die dag.

PERSOONLIKE AANSLAG

7. Ruschda se volgende groot uitgawe was omstrede: Sy het verjaardagkaartjies laat druk. Elke onderwyser en elke leerder word persoonlik deur haar gelukgewens.
8. Enkele morpotte het gesê dis 'n vermorsing van geld, maar die meeste leerders is nog nooit só bederf nie.
9. Die media is ook weer gereeld by die skool, maar deesdae omdat Ruschda hulle nooi! En die ouers? Hulle kan nie wag om met hul kinders se dinamiese skoolhoof te gesels nie.

10. Die opsigter vra nie meer "hoeveel stoele" wanneer sy die ouers wil toespreek nie. Hy pak almal uit.

11. Natheem Capaina, 'n tweedejaar-sielkundestudent is een van Tafelsig High School se trotse uitvoerprodukte. Dié skraal jong man lag benoud wanneer hy vertel sy ouers was so arm hulle het nie 'n keuse van skole gehad nie. "<u>Toe ek die eerste dag daar instap, het Tafelsig High nog 'n baie swak naam gehad</u>."

12. Hy was toe nog kleiner van postuur, vertel Natheem, en het nie mooi geweet hoe hy dié skool sou oorleef nie. Die ervaring het egter sy stoutse verwagtinge oortref. Die onderwysers het vir hom soos ouers gevoel en dit was maklik om sy beste te gee om hulle nie teleur te stel nie. Hy was die eerste lid van sy gesin wat matriek slaag. Nou is hy selfs op universiteit.

13. Wat meer is, twee jaar nadat hy die skool verlaat het, hou Ruschda, sy voormalige skoolhoof, steeds kontak en moedig hom aan.

'N TROTSE AGTERGROND

14. Jayson George lyk soos 'n prokureur in sy netjiese, donker pak. Kyk jy na sy CV, lyk dit na dié van 'n tipiese regstudent aan die Universiteit van Kaapstad – al wat jou onkant vang is dat hy 'n produk van Glendale High, nog 'n skool in Mitchells Plain, is.

15. Geldale High? Dit is nog 'n arm skool in 'n arm buurt. Ook Jayson se ouers kon nie 'n beter skool bekostig nie. Maar hy is trots op sy agtergrond. Hy vertel hoe sy ouers hom aangemoedig het, maar sy onderwysers het hom "gedra". Daarom wil hý eendag ook 'n verskil maak.

16. Dis die onderhoof van Glendale, Miss Davids, wat hom geleer droom het. Hy hét – en gaan binnekort sy vakleerlingskap by een van die land se beste regsfirmas doen.

17. "Die skoolkurrikulm kan jou nie voorberei op die harde werk wat ná skool wag nie, maar onderwysers kan." Die buitemuurse aktiwiteite op skool het hom geleer om sy tyd te bestuur, iets wat van onskatbare waarde op universiteit is.

18. Die armoede in sy gemeenskap, sê Jayson, is 'n gegewe. As 'n onnie die leerders vir 'n oomblik van die harde werklikheid by die huis kan laat vergeet, is die stryd halfpad gewonne. Sy skool het hom laat sien wat is moontlik wanneer jy hard werk.

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Winter 2017]

**TEKS B: VISUELE TEKS**

| |
|---|
| 'n Skoolhoof is vir renosterstropery gevang saam met drie ander medepligtiges. Hulle dekmantel was dat hulle vuurmaakhout soek vir die skool se voedingskema. |




**VRAE: TEKS A**

1.1 Watter woord in die subopskrif van die artikel sluit by die woord "uitnemend" (in die opskrif) aan? (1)

***Ontleding***: ***Direkte inligting*** *word verwag: "watter woord". Jou opdrag is "skryf die woord neer. Dit moet slegs een (1) woord wees.*

***Subopskrif***: *jou antwoord/een woord moet hieruit kom.*

***Onthou***: *indien jy meer as een woord, skryf. verbeur jy die punt.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

1.2 Was Tafelsig High School aanvanklik 'n voorbeeld van 'n sukkelende skool? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit paragraaf 1. (2)

***Ontleding***: *Hier moet jy uit die teks* ***aflei*** *en jou* ***opinie*** *gee. Dis 'n Ja of Nee antwoord. Jou verwysing is* ***Paragraaf 1****. Jy moet jou antwoord hieruit gee.*

***Onthou***: *jy moet TWEE (2) BEWYSE AANHAAL(uit die teks neerskryf).*

Antwoord: …………………………………………………………………………………..

1.3 Herlees paragrawe 1-2.
Watter persepsie het aanvanklik oor Tafelsig High School bestaan?
Haal SES opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan wat bewys dat Tafelsig High School deesdae na die primêre behoeftes van die leerders omsien. (2)

***Ontleding***: *Hier moet jy die woord "persepsie" verstaan en jou* ***afleiding*** *uit* ***Paragraaf twee (2)*** *maak.*
***Onthou***: jy moet **net ses (6) woorde** wat langs mekaar staan uit Par. 2 neerskryf. Te min woorde mag die belangrikste deel van die antwoord mis.

Antwoord: ………………………………………………………………………………….

1.4 Verduidelik waarom Ruschda O'Shea juis besluit het om haar op die verbetering van die skool se toilette toe te spits. (1)

***Ontleding***: *Verduidelik beteken dat jy 'n* ***verklaring of betekenis*** *moet gee.*
***Onthou***: *Let op die* ***puntetoekenning*** *sodat jy weet hoeveel feite jy moet skryf.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.5 Bestudeer paragraaf 4.
Hoe het Ruschda O'Shea en die opsigter se verwagtinge oor die oueraand van mekaar verskil? Haal TWEE opeenvolgende sinne uit 'n ander paragraaf aan wat bewys dat Ruschda se visie rakende oueraande suksesvol was. (3)

***Ontleding***: *Die opdragwoorde-* ***Hoe verskil***: *jy moet die verskil tussen opinies aandui. Dis ook direkte inligting wat jy uit die teks moet haal.*
***Onthou***: *Jy moet* ***"uit 'n ander paragraaf "****en nie par 4 nie, die sinne neerskryf. Let ook op die puntetoekenning.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.6 Herlees paragraaf 6.
Dink jy ouers sou aan die versoek wat Ruschda gerig het, gehoor gee? Motiveer jou antwoord deur spesifiek na 'n aanhaling (direkte rede) in paragraaf 5 te verwys. (1)

***Ontleding***: *Hier moet jy jou eie* ***opinie gee/standpunt inneem***: *"dink jy". Die ander woord wat vir jou leiding gee is* ***"ouers"*** *Jou verwysing is Paragraaf 5.*
***Onthou***: *jy moet eers Ja of Nee antwoord en dan jou* ***bewys*** *uit Par 5 neerskryf.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.7 Wat bedoel die skrywer met die woord "omstrede" in paragraaf 7?
Sê ook waarom die druk van verjaarsdagkaartjies as omstrede beskou is. (2)

**Ontleding**: Die woorde "wat bedoel" beteken dat jy jou **afleiding/opinie of interpretasie** moet gee. Hier is dit weer belangrik dat jy die **betekenis van woorde** moet ken: omstrede.
**Onthou**: Die vraag bestaan uit **twee (2) dele**. Kyk na die puntetoekenning.

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.8 Noem TWEE maniere waarop Tafelsig High School vir Natheem Capaina gehelp het om sukses te behaal. (2)

***Ontleding****: - Hier moet jy weer* ***verband aandui of spesifieke inligting*** *verkaf. Jou* ***kernwoorde*** *hier is "om sukses te behaal."*
***Onthou****: Hier moet jy* ***twee (2) antwoorde*** *neerskryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

1.9 Herlees paragrawe 14 tot 17.

Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee redes vir jou antwoord.
Jayson George kan as suksesvol beskou word.
Noem ook TWEE aspekte wat Jayson voorberei het op die lewe na skool. (4)

***Ontleding****: Hier moet jy baie* ***noukeurig en stelselmatig*** *jou antwoord skryf. Heel eerste moet jy sê waar of onwaar. Dan moet jy volgens jou antwoord die volgende deel beantwoord: gee twee (2) redes. Hoe weet jy dit is twee redes? Die volgende vraag sê duidelik: "noem nog twee".*
***Onthou****: Hier is dit baie duidelik dat jy altyd die* ***puntetoekenning*** *moet dophou. Ook vereis die vraag dat jy al die verskillende dele moet lees en so beantwoord.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.10 Watter ooreenstemmende siening ten opsigte van onderwysers en sukses huldig Natheem Capaina en Jayson George? (2)

***Ontleding****: Hier moet jy weer* ***spesifieke inligting/feite*** *verskaf. Die volgende woorde is jou* ***aanwysers****: "ooreenstemmende", "onderwysers" en "sukses". Ook is die twee persone 'n belangrike deel, want jou antwoord moet oor hulle gaan.*
***Onthou****: Daar moet* ***ooreenkomste*** *tussen hulle siening wees. Belangrik weer, kyk na die puntetoekenning: dit sê jy moet iets oor onderwysers EN iets oor sukses noem.*

Antwoord: …………………………………………………………………………………

1.11 Bestudeer paragraaf 18.

Dink jy 'n onderwyser kan leerders werklik help om uit hulle omstandighede te ontsnap? Motiveer jou antwoord deur spesifieke voorbeelde te verskaf. (2)

***Ontleding****: Hier moet jy ook jou afleiding/opinie gee. Jou kernwoorde is : "onderwysers kan werklik leerders help". Jy moet eers Ja of Nee antwoord en dan twee bewyse uit paragraaf 18 neerskryf.*
***Onthou****: Die puntetoekenning wys dat jy* ***twee (2) bewyse*** *moet gee.* ***Geen punt word vir die Ja of Nee toegeken nie.***

Antwoord: …………………………………………………………………………………

**VRAE: TEKS B**

1.12 Watter visuele leidraad én woord in TEKS B dui daarop dat die onderwyser nie werklik vuurmaakhout gaan optel nie, maar eerder aan 'n ander aktiwiteit gaan deelneem? (2)

***Ontleding***: *By hierdie vraag moet jy jou kennis en vaardighede van* ***visuele tekste*** *(prente/foto's/spotprente)toepas. 'n Goeie sin vir humor en kennis van algemene sake en onderwerpe sal tot jou voordeel wees. Lees dus gereeld tydskrifte en koerante. Hier moet jy spesifieke antwoorde gee: visuele leidraad en een (1) woord. Belangrik is dat jy die vraag noukeurig lees en weet* ***WAT*** *jy moet antwoord of neerskryf.*
***Onthou****: Jou antwoorde moet* ***uit die spotprent*** *gehaal word. Kyk ook weer na die puntetoekenning.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

1.13 Wat word deur die wurm se woorde in die onderste SPRAAKBORREL geïmpliseer? (2)

***Ontleding***: *Jy moet jou eie mening of opinie gee. Jou antwoord moet uit die* ***spotprent afgelei*** *word.*
***Onthou***: *Lees die spraakborrel waar die* ***wurm*** *praat. Maak jou afleiding deur na die hele prent te kyk: woorde, sinne, lyftaal, uitdrukkings, objekte en persone.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

1.14 Op watter manier slaag die spotprent daarin dat die leser eerder op die onderwyser as die leerders fokus? (1)
***Ontleding***: *Hierdie vraag toets jou* ***waarneming en interpretasie*** *van prente/foto's/spotprente. Hier kyk jy veral na: kleure, agtergrond, lettergrootte, vorms, voorgrond, hoogte, hoek van foto en ander.*
***Onthou****: Kyk ook na* ***posisie*** *van persone, hul voorkoms, lyftaal en handeling.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

**VRAE: TEKS A en B**

1.15 Herlees TEKS A (paragraaf 1) en TEKS B.

Noem TWEE ooreenkomste tussen dié paragaaf en TEKS B. (2)

***Ontleding**: By hierdie vraag moet jy die **inhoud** van die twee tekste met mekaar **vergelyk**. 'n Wenk is om die inhoud van Teks B te gebruik om verbande met Teks A te soek omdat dit korter en maklik interpreteer kan word.*

***Onthou**: Jy soek vir enige **ooreenkomste in die tekste of die boodskap** van die tekste. Let op die puntetoekenning. Die opdrag sê ook duidelik dat jy twee (2) ooreenskomste moet noem.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

1.16 Dink jy skoolhoofde word nog as leiers in die gemeenskap gesien? Motiveer jou antwoord en verwys in jou motivering na een van die skoolhoofde in TEKS A of TEKS B. (1)

***Ontleding**: Jy moet jou **eie mening of opinie** gee. Jou antwoord moet uit Teks A en Teks B afgelei word. Jy moet eers Ja of Nee antwoord en dan een van die onderwysers as bewys aanhaal.*

***Onthou**: Jou antwoord kan uit enige teks (**A of B**) gegee word.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

**Die volgende nasienriglyne word tydens die NSS Eksamen deur die nasieners gevolg.**

Nasien van leesbegrip:

- Die fokus is op die begrip vandie leesstuk.
- Taal- en spelfoute word aangetoon.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering word oorweeg.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg: wys dat dit uit die leesstuk kom.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer.
- Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- 'n Aanhaling vereis dat die aanhaling 100% korrek aangehaal moet word.

**MEMORANDUM**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1. | "uitstyg" ✓ | 1 |
| 1.2. | Ja.<br>Wapens en dwelms was 'n algemene verskynsel op die skoolterrein. / Wapens en dwelms was nie 'n vreemde gesig op die terrein nie. ✓<br>EN<br>Koerante het verkondig dat dit sleg gaan by die skool / dat daar chaos is by die skool. ✓<br>*Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.3. | Persepsie: Dis 'n skool waar geweld aan die orde van die dag is. / Daar is chaos by die skool. ✓<br>"elke honger leerder kry 'n maaltyd"✓<br>*Die kandidaat moet die ses opeenvolgende woorde korrek spel.* | 1<br><br>1 |
| 1.4. | Sy wou vir die leerders hulle menswaardigheid bewys. / Haar instink het gesê dat enige iemand daarvan hou om waardeer te word en niemand swak toilette wil hê nie. ✓ | 1 |
| 1.5. | Ruschda het verwag dat daar 'n groot hoeveelheid ouers by die oueraand sou opdaag✓ terwyl die opsigter 50 of minder ouers verwag het. ✓<br>*Die kandidaat moet na beide Ruschda en die opsigter se verwagtinge vir verwys.*<br>EN<br>"Die opsigter vra nie meer 'hoeveel stoele' wanneer sy die ouers wil toespreek nie. Hy pak almal uit." / "En die ouers? Hulle kan nie wag om met hul kinders se dinamiese skoolhoof te gesels nie." ✓ | 2<br><br>1 |
| 1.6. | Ja,<br>Ruschda gebruik terme/begrippe, soos lay-bye, wat die ouers sal verstaan./<br>Ruschda vra klein bedrae geld van die ouers. ✓<br>Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.<br>Die kandidaat se antwoord moet na die aanhaling paragraaf 5 verwys:<br>"Julle lay-bye mos R10 'n maand hier en R20 daar," … "asseblief, doen dieselfde vir die skool – ons wil iets doen vir jul kinders." | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.7. | 'n Saak waaroor daar baie gestry word, word as omstrede beskou. / Iets wat betwis word, word as omstrede gesien. ✓ EN<br>Die druk van verjaardagkaartjies is omstrede omdat sommige mense dit as 'n vermorsing van geld beskou. ✓ | 1<br><br>1 |
| 1.8. | Die onderwysers by die skool het vir hom soos ouers gevoel. ✓<br>Hy wou so graag sy onderwysers beïndruk of nie teleurstel nie dat hy altyd sy beste gegee het. ✓<br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan. | 2 |
| 1.9. | WAAR<br>Jayson George studeer regte al kom hy van 'n 'arm' skool en woonbuurt af. / ✓<br>Jayson George se CV lyk soos dié van 'n tipiese regsstudent./ ✓<br>Jayson George studeer aan die Universiteit van Kaapstad. / ✓<br>Jayson George gaan binnekort sy vakleerlingskap by een van die land se beste regsfirmas doen. ✓<br>Die kandidaat kan nie ONWAAR as antwoord aanbied nie.<br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.<br>EN<br>Onderwysers ✓<br>Buitemuurse aktiwiteite (het hom geleer om sy tyd te bestuur)✓<br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan. | 2<br><br>2 |
| 1.10 | Natheem Capaina skryf sy sukses aan sy goeie verhouding met sy onderwysers toe – hulle was vir hom soos ouers. ✓<br>Jayson George is dit eens dat sy onderwysers verantwoordelik was vir sy sukses. Hy sê dat sy onderhoof hom geleer het om ted room en onderwysers het hom voorberei op die lewe na skool. ✓<br>Die kandidaat moet apart na Natheem en Jayson verwys. Die kandidaat verdien slegs een punt indien hulle net na "beide"/ "altwee"/"albei" verwys. | 2 |
| 1.11 | Ja.<br>Jayson George sê onderwysers kan leerders help ontsnap as hulle hulle kan help om net vir 'n oomblik van die harde werklikheid /moeilikheid by die huis kan laat vergeet. /<br>Onderwysers kan leerders leer om te droom van 'n beter werklikheid. /<br>Onderwysers kan vir leerders wys wat moontlik is wanneer 'n mens hard werk.<br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.<br>OF<br>Nee.<br>Onderwysers het nie die mag om leerders byvoorbeeld uit hulle slegte huise weg te neem nie. /<br>Onderwysers kan nie vir leerders die praktiese dinge wat hulle nodig het gee om hulle omstandighede te verbeter nie.<br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan. | 2 |
| 1.12 | Die onderwyser dra 'n geweer (met patrone). ✓<br>Die woord "Jagkar" dui aan dat hy gaan jag. ✓ | |

| | | |
|---|---|---|
| | Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.<br>Die volgorde waarin die antwoord aangebied word, moet korrek wees. | 2 |
| 1.13 | Leiers of belangrike figure in die gemeenskap maak hullself gedurig skuldig aan immorele / verkeerde gedrag. ✓ | 2 |
| 1.14 | Die onderwyser word groter as die leerders geteken. /<br>Die onderwyser is in die middel van die spotprent en op die voorgrond van die spotprent.✓ | 1 |
| 1.15 | In paragraaf 1 van TEKS A word daar geskryf oor wapens wat by 'n skool teenwoordig was. In TEKS B is daar ook wapens by 'n skool teenwoordig. /<br><br>In paragraaf 1 van TEKS A word daar geskryf dat dit chaos is by 'n skool. In TEKS B blyk daar ook chaos te wees, want die onderwyser is op pad jagveld toe en bied nie 'n klas aan nie. ✓<br><br>In paragraaf 1 TEKS A het die hoof 'n figuurlike wapen ('n toiletborsel) en in TEKS B het die hoof ook 'n wapen – 'n geweer. ✓<br><br>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.<br><br>Die kandidaat moet apart na TEKS A en TEKS B verwys. Die kandidaat verdien slegs een punt indien hulle net na "beide"/"altwee"/"albei" verwys. | 2 |
| 1.16 | Ja.<br><br>Die ouers van Tafelsig High School in TEKS A het na hul skoolhoof geluister en gehelp om die skool te verbeter. Die beter slaagsyfer, kosprogram en skoolbus is 'n bewys hiervan. ✓<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>In TEKS A kom die leser agter dat dit nie net skoolhoofde is nie, maar ook ander onderwysers, soos Jayson se onderhoof, wat 'n groot verskil in leerders se lewe kan maak. ✓/<br><br>In TEKS B sien ons dat skoolhoofde nie moreel op tree en dus nie as 'n voorbeeld of as 'n leier vir 'n gemeenskap beskou kan word nie. ✓<br><br>Die kandidaat moet na TEKS A of TEKS B in sy antwoord verwys. | 1 |

**KONTEKSTUELE VRAAG OOR DIE ROMAN *ONDERWÊRELD***

In AFR HT NSS VRAESTEL 2 handel **Vraag 6 & 7** oor die roman *Onderwêreld*. Hierdie is 'n kontekstuele vraag oor *Onderwêreld* **(vr 7).** Dit is in hierdie vraag waar jou inhoudskennis, die vermoë om inligting in die roman te herorganiseer, afleidings te maak, aspekte van die roman te beoordeel (deur jou eie menings te vorm) en om waarderend te lees, getoets word.

**VOORBEELDVRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**UITTREKSEL 1: Bl 81**

"Ek vat my bierblik en frommel dit tussen my hande. "Oukei," sê ek.

"So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-onderwêreld."

"Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats."

"En die black hats is seker kriminele."

Eckardt knik sy kop en glimlag skeef. Hy teken af op sy laptop. In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar wat net skuins agter die opwinding lê.

"Sal jy my leer?" vra ek toe Eckardt weer agteroorleun in sy stoel.

"Wat betaal jy my?"

Ek maak of ek sy stoel gaan omgooi. "Komaan, Eckardt!"

Hy kyk my eers net aan asof hy moet besluit, maar ná 'n ruk sê hy:

"Oukei, maar nie vanaand al nie. Môre. Ons kan môre begin."

13.1 Herlees reël 1.
Hoe kontrasteer Greg se handeling in reël 1 met die posisie wat hy in die skool beklee? Noem nog enige voorbeeld in die roman waar Greg hom teen gesag verset. (2)

**Reël 1: "Ek vat my bierblik en frommel dit tussen my hande. "Oukei," sê ek."**

***KOMMENTAAR****: Ontleed eers die vraag: In die eerste gedeelte van die vraag is die kernwoorde* ***kontras (kontrasteer)*** *en* ***handeling*** *– dit is letterkunde terme wat jy moet ken. Kontras is dieselfde as teenstelling/teenoorgestelde. Nou moet jy verder weet watter* ***posisie*** *(posisie het in dié geval te doen met* ***leierskap****)*

*die hoofkarakter in sy skool gehad het.*
*Handeling dui op 'n **optrede**,dit wat die karakter **doen**. In die tweede gedeelte van die vraag moet slegs 'n voorbeeld gegee word. Skryf hierdie antwoord in die reël onder die eerste antwoord neer.* .

13.2 Watter twee omstandighede maak van Greg die ideale prooi vir Eckardt se sosiale manipulering? (2)

***KOMMENTAAR**: Kernwoorde in die vraag is: **omstandighede, prooi vir sosiale manipulering**. Elke karakter bevind hom/haar in 'n situasie =**omstandighede.*** *Die eksaminator wil kyk of jy weet waarom Eckardt vir Greg as 'n "sagte" teiken beskou* het, deur hom in sy beheer/mag (manipulering) te kry.

13.3 Herlees reël 3.
Watter tipe kuberkraker is Eckardt? Motiveer jou antwoord deur na enige voorbeeld in die roman te verwys. (2)

***KOMMENTAAR:** Jy kan hierdie antwoord amper uit reël 2 aflei. Hierdie vraag sluit aan by die titel en tema: **die onderwêreld van kuberkrakers**. Dit sluit ook aan by **karakterontleding** nl. watter tipe mens is Eckardt? Hy het "seer" en is ontwrig en daarom wil hy "seer" en ontwrigting veroorsaak/chaos saai.*
*Motiveer beteken **"bewys"** jou antwoord deur 'n voorbeeld te gee. Skryf hierdie "bewys" in 'n reël onder die eerste antwoord neer.*

13.4 Greg hou van sport wat adrenalien genereer. Haal 'n sin uit UITTREKSEL 1 aan wat hierby aansluit. Saam met wie het Greg voorheen al wat 'n gevaarlike ding is, gedoen? (2)

***KOMMENTAAR:** Hier kyk die eksaminator weer eens of jy die karaktereienskappe ken. Hier gaan dit ook om vas stel of jy weet met wie het Greg sekere karaktereienskappe gedeel en dit het hulle saamgebind.*
*Maak dus seker jy ken die karakters en hulle eienskappe wat hulle van mekaar onderskei, maar ook die karaktereienskappe wat ooreenkom.*

**UITTREKSEL 2– bl. 210 -211**

Ek frons. Wat bedoel hy? Eckardt se stem klink anders as waaraan ek gewoond is. Sy stem het die keer toe hy daardie vrou gebel het om my te wys hoe social engineering werk, ook verander. Nou is die gemoedelikheid waarmee hy my met die hacking gehelp het weg. En in die plek daarvan is 'n selfversekerde hardegat arrogansie.

Ís dit hy?

"Vandag, Greg, gaan jy jou laaste hacking-les by my kry. Sorry om te sê, maar hierdie een is ball breaker." Hy glimlag weer skeef, maar die glimlag val gou weg en sy gesig word hard. Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie. "Jy het toe die keylogger op jou laptop gekry, nie waar nie? Of moet ek sê iemand ánders het dit gekry? Jy het nie 'n clue gehad dat dit op was nie. Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"

"Wat bedoel jy?"

"Was dit nie in een van my lessies nie?" Eckardt trek sy mond sarkasties. "O, dis reg ja. Ek het daardie een ge-skip. Hoekom dink jy het ek dit nie vir jou vertel nie, Greg? Take a wild guess!"

"Ek ... ek weet nie ..."

Eckardt skud sy kop. "Jy is toe nie so bright soos wat jy gedink het nie, nè? Greg, my ou pel, ek het jou nie daarvan vertel nie, want ek wou nie hê jy moes dit weet nie. Maklik soos dit." Hy bly 'n oomblik stil. Gee die woorde kans om in te sink. "En ek wou nie hê jy moes die keylogger kry nie, omdat ék hom op jou laptop gesit het."

"Wat? Eckardt? Maar hoekom?"

"Hoekom sit 'n mens 'n keylogger op 'n computer? Ek wou sien wat jy doen, natuurlik. Ek moes tog weet hoeveel inligting jy in die hande kon kry. Wanneer jy genoeg uitgevind het oor die Butcher en sy trawante."

Ek probeer uit-figure wat Eckardt vir my probeer sê, maar dit maak nie sin nie.

13.5 Herlees reëls 14 tot16.
Wat het in die verlede gebeur wat aanleiding daartoe gee dat Eckardt juis vir Greg kies vir *hacking*-lesse? Noem twee redes. (2)
***KOMMENTAAR:*** *Hier gaan dit oor* ***gebeure en die intrige.*** *Die titel van die hoofstuk nl.* ***Eggos's*** *beteken herhalings. Daar gaan heelwat vorige gebeure wees wat jy moet onthou. Eckardt se karakter is een van wraak en as gevolg daarvan is Greg en sy gesin 'n teiken van sy sosiale manipuleringsaanval.*

13.6 Watter karaktereienskap kan jy onderskeidelik van Eckardt in reël 14 tot 16 en van Greg in reël 17 aflei? Watter een van dié karakters het karakter-ontwikkeling in die roman ondergaan? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
***KOMMENTAAR:*** *Dit is 'n stapelvraag. Beantwoord elke onderdeel van die vraag stap vir stap onder mekaar.* ***Onderskeidelik*** *beteken in volgorde soos juis genoem. Karakterontwikkeling dui op* ***insigte*** *waartoe die karakter kom/positiewe groei van hoe die karakter dink en voel. Om 'n rede te gee, beteken om jou antwoord te motiveer.*

13.7 Watter soort verteller kom in UITTREKSEL 2 voor? Noem die nadeel van dié soort verteller na aanleiding van reël 23. (2)
***KOMMENTAAR*:** Die eksaminator wil sien of jy die verskillende vertellers ken nl. eerstepersoonsverteller en die derdepersoonsverteller of alomteenwoordige verteller. *Die verteller is nie die skrywer nie. Die eerstepersoonsverteller staan ook bekend as die ek-verteller. Dit is een van die karakters (gewoonlik die hoofkarakter) in die verhaal.*
*Die ek-verteller word deur die woorde "ek" en "ons" aangedui. Dan moet jy verder weet wat die voordele en nadele van die ek-verteller/ derdepersoons-verteller is. Bv. die ek-verteller is geloofwaardig/ die leser kan die ek-verteller glo. Sy nadeel is egter dat die soort verteller nie gedagtes kan lees nie/'n subjektiewe vertelling is en beperk is in ruimte en tyd.*

13.8 Wat is die naam van die Butcher in die roman? Wie is "sy trawante" na wie Eckardt in reël 27 verwys? (Moenie net hul skuilname gee nie.) (3)
***KOMMENTAAR:*** *Stapelvraag. Sluit aan by die Project Nursery Rhyme. Die woord*

*"trawante" het 'n negatiewe betekenis en verwys gewoonlik na mense wat besig is met 'n onderduimse plan.*

13.9 Gee twee redes waarom die Candlestick-maker saam met die Butcher aan die dodelike virusprojek werk. (2)

***KOMMENTAAR**: Die Project Nursery Rhyme is belangrik in die intrige van die verhaal en daarom moet jy weet wie die Candlestick-maker is. Die drie karakters in die kinderrympie sluit ten nouste by mekaar aan om die projek (wat aansluit by misdaad, kullery en iets uit die bose) deur te voer.*

13.10 Later die aand probeer Greg wel "uit-figure" (reël 27) wat aangaan as hy vir sy pa vra: "Wat is die storie van die regter, Pa?" Verduidelik kortliks wie die regter was en wat Greg se pa sê van die regter geword het. (3)

***KOMMENTAAR:** Stapelvraag. "uit-figure" is om stadig maar seker agter die waarheid te kom. Hierdie vraag sluit dus aan hoe Eckardt vir Greg gelei het om by die waarheid uit te kom en sy pa se "indirekte" aandeel in die verdwyning van die regter te wete te kom.*

13.11 Dink jy Eckardt se optrede in die roman (sosiale manipulering van Greg) is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (1)

***KOMMENTAAR**:* Hier moet jy jou eie mening vorm en staaf met 'n bewys/ 'n rede uit die roman hoekom jy so voel. Jy neem dus standpunt in met 'n goeie motivering.

**UITTREKSEL 3 Bladsy 45**

Almal wat ek in die gang teëkom, is al aangetrek: swart broeke, baadjies. Wit hemde en geel dasse. Die skoolwapen met die fakkel op die baadjies se sakke. Bo die wapen is die skool se naam: Lawson Kollege, en onder die wapen die skool se leuse: Lux hominium vita.

******************

Eckardt se kamer is net 'n kort entjie van myne af. Ek klop vinnig, pluk die deur oop voor hy kan antwoord. Ruk tot stilstand. Die bed is opgemaak, maar dit lyk of iemand daarop gesit het. Venster oop. Een van die gordyne het opgewaai en hang nou oor die lessenaar waarop Eckardt se *laptop* staan.

Waar de hel is hy dan? Eetsaal toe? Die maklikste is om te bel en uit te vind. Ek ruk my selfoon uit my baadjiesak, glip deur die nommers. Eckardt. Bel.

Oomblikke later klink die bekende *ringtone* op in die kamer self. Dis 'n ou *tune* van die Stereo MC's. *Connected*. My lyf word skielik koud. Die geluid is dof, asof dit binne-in iets toegemaak is. Die geluid kom van êrens langs my. Dit kom uit Eckardt se kas. Stadig stap ek nader, die handvatsel is koud onder my vingers toe ek die kasdeur oopswaai.

Daar op die netjies opgevoude klere, lê Eckardt se selfoon. Op die skerm flits die naam: G-4ce.

13.12 Wat beteken die skool se leuse (reël 4)?
Hoekom reken jy is die leuse ironies as die titel van die roman in gedagte gehou word? (2)
***KOMMENTAAR:*** Jy moet weet wat die woord"leuse" beteken. Dit is 'n sin wat 'n instansie/skool se doelstelling of ideaal bevat. Ironie is 'n stylfiguur wat beteken die teenoorgestelde gebeur as wat 'n mens verwag. By ironie moet jy altyd twee kante stel, anders verbeur jy die punt.

13.13 Die afwesigheid van Eckardt veroorsaak 'n gevoel van onrus of naderende onheil by Greg. Skryf TWEE bewyse van hierdie stelling uit reëls 13 tot 19 neer. (2)
***KOMMENTAAR****: Kyk na woorde se betekenis wat 'n misterieuse gevoel skep, maar ook die lengte van sinne en die gebruik van leestekens soos die uitroep-teken.*

13.14 In die onderstreepte sin in reël 16 tot 17 is Greg bewus van die koue handvatsel van die kas. Wie het ook vroeër in die verhaal bewus geraak van die koudheid van 'n handvatsel? Watter ontdekking het die persoon gemaak? Hoe het die ontdekking die persoon se lewe beïnvloed? (3)
***KOMMENTAAR:** Dit is 'n stapelvraag. Beantwoord die verskillende dele onder mekaar. Dit is belangrik dat jy 'n aspek of motief waarna meer as eenkeer in die roman verwys word by mekaar sal kan uitbring.*

13.15 Wie is die verteller in UITTREKSEL 3? Waarom is die verteller effektief te oordeel aan die onderstreepte sin in reël 18 tot19? (2)
***KOMMENTAAR:** "Wie" in 'n vraag verwys gewoonlik na 'n karakter. Die soorte vertellers en watter voordele en nadele elkeen het, is in vraag 13.7 bespreek.*

13.16 By watter tema in die verhaal sluit die kubernaam **G-4ce** (reël 19) aan? Motiveer *jou antwoord met EEN* bewys uit die verhaal.
Hoekom is die kubernaam ironies? (3)
***KOMMENTAAR:** Die **tema** in die verhaal is die **sentrale idee/hoofgedagte(s**) in 'n roman. Ironie – die teenoorgestelde gebeur as wat 'n mens verwag (Stel albei kante)*

**UITTREKSEL 4 Bl. 65 en 66**

Ons begin loop. Ek is in 'n dwaal. Iemand probeer 'n gesprek met my aanknoop, maar ek antwoord hom nie, want ou, verborge gevoelens kom wys weer gesig. Spoke uit die verlede.

******

En nou is daar die *rumours*. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het. Hoekom sal dit weer gebeur? En hoekom met Eckardt? Die manier waarop hy na my gekyk het die aand met die Trapper-inisiasie... Dit was asof John na my gekyk het deur Eckardt se oë.

Die geskiedenis herhaal homself. Dis wat mense sê. Hulle sê ook jy is op hierdie aarde om lesse te leer. En as jy dit nie die eerste keer leer nie, "kom dit weer oor jou pad. Jy kan dit nie systap soos in 'n *rugby game* nie

Ek het nie gehuil toe John dood is nie.

"Jy sal nie!" het my pa beveel, sy hele houding afgetrokke asof dit iemand anders se kind was wat dood is. Nie sy eie nie. Nie die seun van wie hy so baie verwag het nie.

En nou, hier tussen die bome op die grens van die skoolterrein, wonder ek: is dít die les wat wag om geleer te word? Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bulletproof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hartseer?

13.17 Eggo is 'n terugkerende motief in die verhaal. Bewys die stelling deur na reëls 1 tot 3 te verwys. Wat is die funksie van dié terugkerende motief in die verhaal? (2)

***KOMMENTAAR*:** 'n Motief is 'n element bv. 'n insident/voorwerp wat meer as eenkeer in 'n verhaal voorkom. Daar is altyd 'n rede/funksie waarom daar meer kere daarna verwys word.

13.18 Eckardt kon Greg maklik manipuleer. Skryf 'n aanhaling uit UITTREKSEL 4 neer om die rede hiervoor te bewys. Watter karaktereienskap van Greg het hom vatbaar vir Eckardt se manipulasie gemaak? (2)

13.19 Wat is die funksie van die ellips in reël 7? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

***KOMMENTAAR:*** *'n Ellips is 'n stylfiguur wat maar eintlik dieselfde funksie as 'n beletselteken het (… 3 stippels)*

13.20 Noem TWEE karaktereienskappe van Greg se pa wat jy uit reël 13 tot 16 kan aflei. Dié karaktereienskappe veroorsaak konflik tussen Greg en sy pa. Is die stelling geloofwaardig? Motiveer.
Wat is Greg se bydrae om die konflik tussen hom en sy pa op te los? (4)

***KOMMENTAAR:*** *Stapelvraag. Konflik is dieselfde as botsing tussen die karakters. Dit is uiterlike botsing. Geloofwaardig beteken dit is maklik om te glo en dan moet jy n rede gee/motiveer. Greg se bydrae is wat doen hy om die konflik op te los.*

13.21 Hoe verskil Greg se verwysing na 'n bulletproof baadjie aan die begin van die verhaal van die verwysing in reël 19? Watter pynlike ervaring noodsaak Greg om aan die einde van die verhaal weer na 'n bulletproof baadjie te verwys? (3)

***KOMMENTAAR*:** Stapelvraag. Om 'n verskil aan te dui, moet jy na albei kante verwys: hoe dit **eers** was teenoor hoe dit **nou** is.

**MEMORANDUM:**

13.1 Greg is die hoofseun en moet die skoolreëls gehoorsaam, maar hy drink bier. √

**Nog enige EEN vb. waar Greg hom teen gesag verset, bv.**

*Greg verset hom teen Dok Pienaar deur te weier om rugby te speel./
*Hy en Eckardt gaan onwettig in die rekenaarkamer van die skool in./
*Greg kom nie sy pligte as hoofseun na nie (bv. Hy erken Kwanele het omtrent al die VRL oorgeneem en hy gee nie meer om nie – bl.165) /
*Hy breek by die hoof se rekenaar in. /
*Hy jok saam met Eckardt vir die opsigter om skelm in die biblioteek te kom. /
*Greg bly na ure teen die koshuisreëls wakker om op die rekenaar te werk. /
*Hy eet op straat terwyl hy in sy skooluniform is. √
(ENIGE EEN) (2)

13.2 Enige TWEE: (2)
*Greg word geweldig deur sy pa gedruk om te presteer (moeg van altyd net die regte ding doen of wil 'n slag sy eie kop volg). /
*Greg kan nie 'n uitdaging/ adrenaliensport weerstaan nie. /
*John (sy rolmodel) is oorlede en hy kan dus nie meer by hom raad vra nie / is kwesbaar na John se dood. /
*Greg het nie rede om Eckardt te wantrou nie; hou eintlik van hom en hy laat hom soms aan John dink.

13.3 Eckardt was 'n black hat. √
Bv. Hy het nie gehuiwer om onwettig in die skoolrekords in te breek om sodoende plek in die spogskool te kry nie. /
Black hats veroorsaak chaos en dis wat hy in Greg se lewe veroorsaak het met sy sosiale manipulering - Greg vaar sleg in sy skoolwerk en ervaar skuldgevoelens omdat hy sy pa aan die kaak gestel het. (ENIGE EEN) √ (2 )

13.4 "In my broei daar nou 'n opgewondenheid" /
"En die potensiaal van gevaar wat net skuins agter die opwinding lê" √
Sy broer / John √ (2)

13.5 Enige TWEE:
*Eckardt wou wraak neem op Greg/ sy familie vir sy pa se selfdood.
*Hy wou Greg se pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme ontbloot - selfs beter as sy eie seun hom aan die kaak stel. /
*Eckardt wou hê Greg moes alles verloor, nes hy (sy pa verdwyn en Greg s'n gaan tronk toe) √√ (2)

13.6 **Eckardt:** 'n manipuleerder / arrogant / gewetenloos/ sarkasties √
**Greg:** goedgelowig / naïef √
Greg het karakterontwikkeling ondergaan. √
Aan die einde is Greg spyt oor die keuses wat hy gemaak het / wil vir sy pa jammer sê / besluit om die waarheid aan die polisie oor te dra. √ (4)

13.7 Eerstepersoonsverteller / ek-verteller √

**Nadeel**:

Die verteller kan nie gedagtes lees nie en weet dus nie wat Eckardt se doelwit was nie / kan die verhaal net uit een perspektief vertel/ subjektiewe vertelling/√ (2)

13.8 Dok Pienaar √

**Trawante is**: mnr. Owen √

'n Dokter in virologie / dr. wat die virus en die vaksine ontwikkel het. (Gevra kan nie net skuilname gee nie) √ (3)

13.9 **TWEE REDES**:

Mnr. Owen sê self dat dit is om geld te kry. √

Hy noem ook dat die skuld van Turret Media betaal moet word/

Turret Media is op die rand van bankrotskap en hy moes 'n plan maak om die maatskappy te red. √ (2)

13.10 Die regter was Eckardt se pa. √

Mnr. Owen sê die regter het na die hofuitspraak verdwyn √ en dat Dok Pienaar hierby betrokke was. √ (3)

13.11 **Eie mening, bv.** :

Nee, Eckardt vernietig Greg se lewe, terwyl Greg niks gedoen het nie - hy kon net mnr. Owen by die polisie gaan aangee het. (1)

13.12 Lig is die lewe vir die mensdom. √

(2)

Alhoewel die skool se leuse oor lig handel, hou die karakters (Greg en die hoof) 2 hulle met "duister" dinge besig/die onderwêreld van kuberkraking /

Die skoolhoof wat die voorbeeld as ligdraer moet stel, bevind homself in die onderwêreld van witboordjiemisdaad. /

Alhoewel die skool die lig aan die mensdom moet uitdra, aanvaar hulle slegs bevoorregte leerders in die skool. /

Die skool vorm 'n direkte kontras met rykdom vs armoede. /

Die leerders/ Greg wat ligdraer(s) in die skool moet wees, kom in opstand teen die gesag van die skool. √

13.13 Die gebruik van kort sinne versterk die gevoel van onrus. /

Greg se lyf word koud. /

Die handvatsel van die kas voel koud in sy hand. /

In die kas sien hy Eckardt se selfoon met sy kubernaam, G-4ce.

Hy besef Eckardt sou nooit sonder sy selfoon êrens gegaan het nie. √√

Enige TWEE (2)

13.14 Eckardt. √
Toe hy die deur oopmaak, het hy sy pa met 'n pistool in sy hand gesien. /√

Eckardt het sy identiteit verloor. /
Hy het die wêreld van kuberkraking betree. /
Hy word deur wraak gedryf om die mense wat sy pa se ondergang bewerkstellig het, te ontbloot. /
Hy gebruik Greg as pion om Greg en sy pa te breek. √ (3)

13.15 Greg/Ek-verteller √
Die leser neem kennis van Greg as kuberkraker/
lei af dat Greg bewus is van sy magsposisie/
lei af dat Greg vermoed dat hy betrek is by Eckardt se verdwyning /
ervaar die intrige vanuit Greg se oogpunt. √ (2)

13.16 Tema: Verset teen gesagstrukture bv.
Greg daag nie op vir rugbywedstryd
G en E drink bier in die koshuis.
Breek in by rekenaarkamer
Lawson Kollege nie reageer op verdwyning van Eckardt

Tema: Mag/ Witboordjiemisdaad
Uitbuiting van armes deur mense in magsposisies

Tema: Kuberkraking. √

Greg breek by die rekenaarkamer in en breek deur die skool se sekuriteitsmuur. /
Greg kraak Dok se rekenaar. /
Greg kraak die farmaseutiese maakskappy se rekenaar. /
Greg kraak die aanlynbesigheid se rekenaarstelsel. /√

Ironies:
Sy naam impliseer mag, maar hy kan nie staande bly voor die polisiemag nie. / Hy is weerloos/ magteloos nadat hy sy pa se aandeel in die korrupsie / moord op die regter ontbloot het. √ (3)

13.17 Greg roep die herinnering van sy broer, John, se selfmoord op.√
Versterk die tema van verlies./
Selfdood. √ (2)

13.18 Dit was asof John na my gekyk het deur Eckardt se oë. /
Die manier waarop hy na my kyk…√

Avontuurlustigheid/
Vreesloosheid/
Behoefte aan gevaarlike uitdagings. √ (2)

13.19 Die stilte/ afwagting wat die ellips veroorsaak, versterk die herinnering wat volg. /
Die stilte wat volg, versterk die herinnering aan die oomblik toe Greg iets van John in Eckardt se oë waargeneem het. √ (1)

13.20 Dominerend/ koud /emosieloos / liefdeloos / hard. √√
Enige TWEE

Ja
Greg kom in opstand omdat sy pa hom probeer verander sodat hy 'n kloon van homself is. /
Sy pa dwing hom om nie openlik oor sy broer te rou nie. /Sy pa dwing hom om vir Dok om verskoning te vra. /Sy pa is ook emosieloos teenoor sy ma en dit veroorsaak konflik tussen hom en sy pa. √

Greg konfronteer sy pa met die misdaad wat hy as die Candlestick-maker gepleeg het. /
Greg konfronteer sy pa met sy pa se aandeel in John se dood. /
Sy finale konfrontasie met sy pa, wek in hom 'n gevoel van simpatie vir sy pa. /√
(4)

13.21 Aan die begin van die verhaal glo Greg in sy bekwaamheid/ mag as hoofseun, maar in reël 19 kom hy tot die besef van sy eie magteloosheid om hom teen die seerkry van die dood te beskerm. √√
BEIDE moet genoem word. (2 / 0)

Hy ervaar die pyn/ gewetenswroeging dat hy die oorsaak is dat hy hul gesin opgebreek het.
Hy besef hy is die oorsaak dat sy pa jarelank tronk toe sal moet gaan.
Hy voel aandadig aan die ondergang van sy pa. √
(3)

**KONTEKSTUELE VRAAG OOR DIE DRAMA *MIS***

In die AFR HT NSS VRAESTEL 2 handel **Vraag 17** oor die drama *Mis***.** Hierdie is 'n kontekstuele vraag oor *Mis***.** Dit is in hierdie vraag waar jou inhoudskennis, die vermoë om inligting in die drama te herorganiseer, afleidings te maak, aspekte van die drama te beoordeel (deur jou eie menings te vorm) en om waarderend te lees, getoets word.

**UITTREKSEL 1**

| | |
|---|---|
| GERTIE: | En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou. |
| MIEM: | (*onwillig)* Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek dou-voordag op wees om 'n ogie te hou (*wys na sakke)* oor die misbesending. Sien ons u môreoggend, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ek is jammer, maar na twaalf is ek weer vort. |
| MIEM: | Ja, dan is die gevaar seker verby. U moet tog hier kom inloer as u in die distrik is. |
| KONSTABEL: | Ek sal, Mevrou. Dankie vir u gasvryheid. |
| MIEM: | En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie. |
| KONSTABEL: | Dit is my werk, Mevrou. |
| MIEM: | Sê nag vir die konstabel, Meisie. |
| MEISIE: | (*skaam*) Nag. |
| KONSTABEL: | Goeienag. |

17.1 Lees reël 1tot 3.

Waarom sê Gertie dié woorde vir Miem en Meisie? Watter karaktereienskap van Gertie kom hier na vore? Wat is haar uiteindelike plan met Konstabel en hoekom het sy nie in haar doel geslaag nie? (4)
***KOMMENTAAR****: Dit is 'n stapelvraag. Onthou om elke onderafdeling van die vraag onder mekaar aan te bied. Dit klink of Gertie baie besorg is oor Miem, maar sy het 'n ander plan wat vir haar, Gertie, sal bevoordeel. Wat noem 'n mens die karaktereienskap as 'n persoon só optree?*

17.2 Waarom, dink jy, is Miem se onwilligheid in reël 4 geloofwaardig? (1)
***KOMMENTAAR****: Die neweteks ("onwillig") moet verstaan word – nie regtig*

*lus om dit te doen nie. Geloofwaardig –die rede wat sy aanvoer, maak sin en 'n mens glo dit maklik.*

17.3 Bespreek die ironie in Miem se woorde in reël 11 en 12. (2)
***KOMMENTAAR****: Ironie is 'n stylfiguur. Die teenoorgestelde gebeur as wat 'n mens bedoel. Jy moet TWEE kante stel. Puntetoekenning is 2 of 0*

17.4 Hoewel Meisie in reël 15 "skaam" is, voer sy teen die einde van die drama uitbundige danspassies uit.
Evalueer of dié verandering oortuigend is. Motiveer jou standpunt. (2)
***KOMMENTAAR:*** *Evalueer – JA OF NEE. Meisie tree hier anders op as wat sy normaalweg sou optree. Jy moet sê deur middel van 'n motivering waarom dit nie vir jou vreemd of snaaks is nie.*

**UITTREKSEL 2**

| |
|---|
| Ek sien 'n man met lang, swart hare en 'n blink mantel. Daar's ook 'n meisie. Hy wys 'n saag vir die mense en roep iemand nader om te voel hoe skerp dit is. Oom vet Soon kom voel en almal lag, want hy sny sy vinger. Die man wys na 'n lang kis en klap dan die deksel oop. Die mooi meisie soebat en smeek, sy val op haar knieë voor die man. Hy gryp haar polse en sleep haar na die kis. Hy gooi haar in en maak die deksel toe. Haar kop steek diékant uit en haar voete daaikant. Sy lyk baie bang. Die man begin saag en saag en saag. Die meisie skree. Die saag is vol bloed en die kis is middeldeur, maar haar kop roer nog én haar voete. Die man gooi sy mantel oor die kis en sê toorwoorde. Hy haal sy mantel af en maak die deksel oop. (*Oorstelp van vreugde*) Die meisie spring uit en alles is reg, sy's weer heel! Die mense skree en fluit. Sy sprei haar arms oop. (*Lig haar arms op en glimlag*) Die man maak 'n kou oop en voëls vlieg uit. Alle soorte met baie kleure. Hulle hang in die lug bokant haar. (*Lyk skielik droewig. Laat haar arms stadig sak. Die geluid van die wind hou op*) Toe voel ek 'n hand op my skouer. Dit was my ma. Sy het haar japon gedra en haar hare was nog ingedraai. Sy't die tuinhekkie gehoor toe ek uitgaan en gaan kyk of alles reg is. My ma het my goed grootgemaak en elke jaar het sy my streng belet om sirkus toe te gaan. Ek was ongehoorsaam. My ma het siek geword ... van die ontsteltenis. Vir 'n week kon sy net gortsop eet. Dis die musiek. Ek moenie daarna luister nie. |

17.5 Wat is die dramatiese doelstelling van die feit dat Meisie se vertelling van die towenaar en die meisie in die kis in die teenwoordige tyd geskryf is?
Hierdie vertelling toon ook duidelike ooreenkomste met die gebeure in die slot van die drama. Noem enige DRIE ooreenkomste. (4)
***KOMMENTAAR:*** *Jy moet eers weet wat dramatiese doelstelling is: om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer of leser te ontlok met ander woorde daar met drama vertel word en dit is so a.g.v. 'n doel wat bereik wil word. Ooreenkoms beteken – kom ooreen met gebeure in slot.*

17.6 Wie anders in die toneelstuk het ook kaalvoet geloop, nes Meisie

aan die einde van die drama? (2)
***KOMMENTAAR:**:"WIE" verwys na 'n ander persoon.*

17.7 Hierdie uittreksel bied ook insig in Miem se karakter.
Noem een karaktereienskap wat duidelik word en motiveer dit uit die teks. (2)
***KOMMENTAAR**: Insig beteken – jy verstaan die Miem-karakter beter.
Uit bg. uittreksel word ten minste 3 karaktereienskappe van Miem duidelik.*

*17.8 (Lig haar arms op en glimlag) reël 16.*
(Lyk skielik droewig. Laat haar arms stadig sak …) reëls 18 tot19

Hoe sluit die bostaande gedeeltes neweteks aan by die uitbeelding van Meisie se innerlike konflik en die uiterlike konflik tussen haar en Miem? (4)
***KOMMENTAAR***: Stapelvraag. Literê teorie: innerlike konflik is waar 'n karakter worstel met iets binne hom/haar. Uiterlike konflik is tussen twee of meer persone.

17.9 Watter simboliese betekenis verkry die sirkus vir Meisie en Miem in hierdie drama? Sê ook hoe Gertie oor die sirkus voel. (3)
***KOMMENTAAR**: Die sirkus word 'n simbool met 'n dieper betekenis vir die drie karakters.*

17.10 Waarvan word die voëls wat uit die kou vlieg 'n simbool? (1)
**KOMMENTAAR:** *Simbool is 'n dieper betekenis.*

---

**MEMORANDUM:**

17.1 Sy wil alleen wees saam met Konstabel.
Sy is skynheilig.
Sy het 'n oog op Konstabel en sien hom as 'n goeie vangs.
Hy neem Meisie saam wanneer hy vertrek. / Hy stel nie in ouer vroue belang nie. (4)

17.2 Sy hoop dat Konstabel en Meisie in mekaar belangstel daarom wil sy nie graag vir Gertie met hom alleen laat nie./
Sy hoop Meisie en Konstabel sal trou sodat Gabriël van die solder kan afklim./
Sy weet Gertie het 'n oog op Konstabel./ Sy het Konstabel vir Meisie bespreek. (1)

17.3 Sy dink hy help hulle om veilig te wees terwyl hy eintlik die skurk is wat die jong meisies laat verdwyn./
Sy meen dat die Konstabel se teenwoordigheid/hulp hulle beveilig, maar die teendeel is waar: hy is juis gevaarlik./
Sy sê dat hulle nooit 'n oog sal toemaak nie, maar hulle oë is in elk geval gesluit vir die waarheid.
Albei aspekte van die ironie moet genoem word. (2 of 0) (2)

17.4 Ja
Aanvanklik is sy die onderdrukte, onderdanige meisie in haar ma se huis, maar teen die einde is sy 'n bevryde, ontluikende jong vrou wat weggevoer

word na 'n eksotiese wêreld./
Hier is sy nog die Meisie wat innerlike konflik ervaar, maar teen die einde het sy verander/gegroei tot 'n bevryde mens.
Die hele toneel wys op onderdrukking; die verwagting word geskep dat sy haarself uiteindelik gaan bevry.
OF
Nee
Sy is onder die betowering van die Hofnar/Konstabel en dit isdus nie haar eie besluit nie. (2)

17.5 Dit kom veel meer onmiddellik/ eg/ realisties voor, asof sy dit nou beleef/ haar heeltemal inleef.
Dit dra by tot die spanning omdat die gehoor hul meer inleef, asof die gehoor self ook daar is/ ens.
Die meisie is vasgekeer in die kis, nes Meisie.
Die towenaar bevry die meisie, nes Konstabel Meisie bevry.
Daar is in beide 'n element van misleiding – die towenaar mislei die gehoor, nes Konstabel.
Blink mantel van die towenaar herinner aan Konstabel se baadjie. (Enige 3)

17.6 Rienie Pieterse en Sannie Koen (2)

17.7 **Miem is dominerend/ baasspelerig/ voorskriftelik** – Meisie is skielik droewig wanneer sy na haar ma verwys.
**Miem is 'n martelaar/ selfbejammerend/ manipulerend**/ gebruik emosionele afpersing – laat Meisie konstant skuldig voel deur na die wegloopepisode se effek op haar te verwys (gortsop).
**Miem sien in alles die bose** – "streng belet"/ is eng en bedreig deur alles, soos die sirkus, wat anders is.
Enige een plus motivering uit die teks. Die motivering moet pas by die Karaktereienskap. (2)

17.8 Meisie smag na die eksotiese/ bevrydende/ betowerende /elemente van die sirkus. Sy weet egter dat sy nie eers daaraan mag dink nie omdat dit boos is. Meisie smag na bevryding en Miem verbied haar om enigiets te doen of selfs daaraan te dink/ besweer gedurig alles wat anders is/ ens. (4)

17.9 Die sirkus raak vir Meisie 'n simbool van (moontlike) bevryding/verlossing/ 'n ontsnapkans uit haar saai bestaan. Miem beskou die sirkus as simbool van die bose/dekadensie. Gertie beskou die sirkus ook as 'n opwindende bevryding uit haar oujongnooibestaan, maar sal dit nooit hardop teenoor Miem erken nie. (3)

17.10 Bevryding/vryheid (1)

**KONTEKSTUELE VRAAG OOR DIE DRAMA *KRISMIS VAN MAP JACOBS***

In AFR HT NSS VRAESTEL 2 handel **Vraag 14 7 15** oor die drama *Krismis van Map Jacobs*. Hierdie is 'n kontekstuele vraag oor *Krismis van Map Jacobs (Vr 15)*. Dit is in hierdie vraag waar jou inhoudskennis, die vermoë om inligting in die drama te herorganiseer, afleidings te maak, aspekte van die drama te beoordeel (deur jou eie menings te vorm) en om waarderend te lees, getoets word.

**VRAAG 1**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| CAVERNELIS: | Blanchie ... |
| BLANCHIE | (*huiwerend)*: Daddy? |
| CAVERNELIS: | Map ... Jacobs ... |
| BLANCHIE: | Daddy? ... Daddy mien ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS | (*nog starend)*: Map Jacobs ... |
| BLANCHIE: | Hoe ... mien Daddy ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS | (*hard)*: Map! |
| BLANCHIE | (*ook hard)*: Nee! Nie Map nie! ... Johnnie ... |
| CAVERNELIS: | Maar Blanchie ... kind ... het jy gehoor, het jy dan nie gehoor, wat gebeur het ... Blanchie?... |
| BLANCHIE: | Maar ... Daddy ... (*Dan huil sy.*) ... Is nie soes Johnnie nie ... is nie ... |
| CAVERNELIS: | Bly still! |
| BLANCHIE | (*ken haar pa nie só teenoor haar nie)*: Daddy! *Stilte.* |
| CAVERNELIS: | Ek is ... jammer ... Blanchie ... Maar ... Dis hy ... |
| BLANCHIE: | Daddy! ... Ag, Here, Daddy ... |
| CAVERNELIS | (*stukkend)*: Hy's 'n ... misdadige ... |
| BLANCHIE: | Nee! Dis ... dis 'n lieg! ... |
| CAVERNELIS: | Ja! (*Van sy wysie af.*) Ja! Ja!! Ja!! Jaa!! |
| BLANCHIE: | O Here God, wat het gebeur!? Daddy ... |
| CAVERNELIS: | Jy moet nou weg van hom af ... weg, weg, wég van hom af ... |

1.1 Cavernelis praat van Map, terwyl Blanchie na hom wil verwys as Johnnie. Wat dui die dubbele naamgewing aan? (2)

***Ontleding**: **Wat**: jy moet die **dubbele** (twee) name beskryf /omskryf vir Map en Johnnie. **Onthou**: jy moet die redes vir die twee (**dubbele**) naamgewing gee/neerskryf. Ken jou betekenisse van die twee name vir dié karakter. Kyk na die puntetoekenning: jy moet **TWEE** antwoorde skryf en dit moet volledig verduidelik word.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.2 Hoe het Johnnie aan die naam Map gekom en wat beteken dit vir hom? (2)

***Ontleding**: **Hoe** (jy moet verduidelik/'n sin gee/verklaar) Johnnie die naam Map gekry het en **wat beteken** (gee 'n rede) wat die naam beteken.*

***Onthou**: Kyk na die puntetoekenning: jy moet TWEE antwoorde skryf en dit moet duidelik wees.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………………..

1.3 Cavernelis vra Blanchie of sy dan nie gehoor het wat gebeur het nie. Sê in TWEE sinne wat gebeur het. (2)

***Ontleding**: **Wat gebeur** (jy moet weet na watter karakter Cavernelis verwys) en verduidelik watter gebeurtenis Cavernelis na verwys. **Onthou**: jy moet **TWEE** sinne neerskryf en dit moet volledig verduidelik word.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.4 Cavernelis sê Map is 'n misdadiger.

1.4.1 Hoe word hy vir sy misdaad gestraf? (1)

***Ontleding**: **Hoe** (bewys uit die teks, maar skryf dit in jou eie woorde) en sê wat Map se straf was. **Onthou**: jy moet die volledige straf neerskryf.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.4.2 Sê wat sy vonnisoplegging is en hoe hy dit uitdien. (1)

***Ontleding**: **Vonnisoplegging** (sê hoe lank hoe lank hy sy straf moet uitdien) **Onthou**: jy moet weet hoe lank Map in die tronk was.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.5 Herlees die neweteks in reël 13.

1.5.1 Wat is die verhouding tussen Blanchie en haar pa? (1)

***Ontleding**: **Herlees** beteken: (jy moet wéér reël 13 lees) **Neweteks** (verwys na die skuinsgedrukte/ kursiewe woorde) **Wat** (jy moet jou mening gee/ opinie lewer/ 'n afleiding maak van die skuinsgedrukte woorde en sê hoe Blanchie en haar pa se verhouding is) **Onthou**: jy moet die karakters se verhoudinge in elke toneel ken.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.5.2 Motiveer jou antwoord. (1)

***Ontleding**: **Motiveer** beteken: (jy moet verduidelik/ rede gee/ jou mening gee) waarom jy in 1.5.1 sê hoekom hulle verhouding na aanleiding van die*

*skuinsgedrukte woorde so is.* ***Onthou****: jy moet die karakters se verhoudinge in elke toneel ken.*

Antwoord: ..........................................................................................

**/10/**

**TEKS 2**

BLANCHIE: Ek is so vuil, Johnnie …

MAP: Jy is … mooi …

BLANCHIE (*saggies*) Johnnie … Wat het … van ons geword ... *'n Lang stilte.*

MAP: Alles … en niks … Blanchie …

BLANCHIE (*huil*): Johnnie …

MAP: Alles … en niks … (*Hy huil en lag. Dan sy ook – huil en lag.*) Ek het vir jou …
alles ge-vertel … Blanchie … voor Apostel George … voor die Here … en voor Ma …
Daar is niks meer nie …

BLANCHIE: Ek het vir jou … ook … ge-vertel … alles … Johnnie …

*Hulle hou mekaar styf vás. Soen mekaar hartstogtelik. Die wind van die Kaapse Vlakte wáái, en blý waai, maar dan word dit ook die geluid van 'n trein wat deur die townships reis. En skielik 'n huilende sirene en remme van die trein wat staal op staal laat sing. Blanchie en Map weerloos teen die wind en die huilende trein – teen die gebeurtenis.*

1.6 Herlees reël 1 en 2.

Verduidelik die kontras in TWEE sinne. (2)

***Ontleding****:* ***Herlees*** *beteken: (jy moet wéér reëls 1 en 2 lees).* ***Verduidelik:*** *jy moet verklaar/ duidelik stel/ en die* ***kontras*** *beteken: teenoorgestelde/ teenstelling / verskil in reël 1 en reël 2 se woorde verduidelik.* ***Onthou****: Kyk na die woorde* ***vuil*** *wat Blanchie sê en* ***mooi*** *wat Map gebruik in die twee reëls en verduidelik waarna dit verwys. Puntetoekenning: jy moet* ***TWEE*** *antwoorde skryf waar jy dit volledig verduidelik.*

Antwoord: ..........................................................................................

1.7 Watter potensiaal het Johnnie (reël 3) en Blanchie (reël 5) gehad? Skryf jou antwoord in EEN sin neer. (2)

***Ontleding***: ***Watter*** *beteken: (noem ).* ***Potensiaal*** *beteken**:** (ideale/doelwitte)Johnnie en Blanchie gehad het.* ***Onthou***: *Kyk na die puntetoekenning: jy moet* ***EEN*** *sin skryf waar jy na elke karakter kyk.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.8 Map verwys in reël 7 tot 10 na sy bendebedrywighede wat skeefgeloop het. Wat was Map en sy bende se oorspronklike plan en watter oordeelsfout het hy begaan? (2)

***Ontleding***: ***Verwys*** *beteken: (jy moet spesifiek na reël 7 en 10 gaan kyk) en op die* ***bendebedrywighede*** *fokus wat* ***skeefgeloop*** *het****. Wat*** *(gee 'n beskrywing) van die* ***oorspronklike*** *plan (soos dit aan die begin was) en watter* ***oordeelsfout*** *(verkeerde besluit) het Map gemaak.* ***Onthou***: *Kyk na die puntetoekenning: jy moet* ***TWEE*** *antwoorde skryf. Een punt vir elke vraag.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

1.9 Watter gerug was daar in die buurt oor Blanchie? (1)

*Ontleding:* ***Watter*** *beteken: (noem/verklaar) die* ***gerug*** *beteken**:** (vals praatjie) wat van Blanchie in die buurt gepraat word.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………..

1.10 Herlees die toneelaanwysings in reëls 14 – 16.

Na watter gebeurtenis word daar in hierdie reëls verwys. Motiveer jou antwoord deur TWEE sinne neer te skryf. (3)

***Ontleding***: ***Herlees*** *beteken: (lees weer reëls 14 tot 16).* ***Toneelaanwysings*** *beteken**:** (kursiewe/ skuisgedrukte woorde). Na* ***watter gebeurtenis*** *beteken: gebeure/ voorval/ insident/ iets besonders wat gebeur het). Konsentreer eers op* ***wat*** *die gebeurtenis is. Daarna moet jy dit* ***motiveer –*** *dit beteken jy moet verduidelik.* ***Onthou***: *Kyk na puntetoekenning: jy moet* ***EEN*** *sin skryf oor dit wat gebeur het en* ***TWEE*** *sinne skryf waarin jy motiveer.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

**/10/**

**VRAAG 2**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 3**

MAP: Ek is nog ôrait, Ma ... is Map ... ’is Johnnie ...

*Sy kyk na hom, knik.*

MAP: Hoe gaan ’it moet Ma?

*Sy knik dat dit “goed gaan”.*

MAP: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... Ek wiet sy’t ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet ...

*Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.*

MAP: ... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy’s nogal vrinnelik ...

*Sy kyk na hom.*

MAP: Miss Africa ... ’n Mens kan nogal moet haar praat.

*Sy kyk vraend op.*

MAP: Miss Africa, Ma ... Ek sê, sy’s nogal vrinnelik ...

*Antie Grootmeisie knik.*

MAP: Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...

*Antie Grootmeisie kyk lewendig op.*

MAP: Annermaand!

*Sy knik opgewonde.*

MAP: Parole, Ma ...

*Sy knik weer.*

MAP: Ek is jammer, oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ...

2.1 In watter ruimte vind hierdie gesprek plaas? (1)

***Ontleding***: *Ruimte beteken**:** (plek / milieu / gebou waar dit afspeel)*. ***Onthou***: *Jy kan slegs EEN woord skryf of dit in ‘n sin skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.2 Hoekom voeg Map in reël 1 die naam *Johnnie* by? (1)

***Ontleding**: **Hoekom** beteken: (gee 'n verduideliking) waarom Map na om as Johnnie verwys. **Onthou**: Jy moet slegs een sin skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.3 Herlees reël 2–4.

2.3.1 Waarom praat Antie Grootmeisie nie met Map nie? (1)
2.3.2 Wat moes gebeur voordat Antie Grootmeisie weer praat? (1)

***Ontleding**: **Herlees** beteken: (lees wéér reëls 2 tot 4). By vraag **2.3.1** moet jy weet wie **Antie Grootmeisie** is. **Waarom** beteken: (gee 'n rede/verduideliking) hoekom Antie Grootmeisie nie met Map praat nie. By vraag **2.3.2 Wat** beteken : (gee 'n beskrywing) wat met Map moes gebeur voordat Antie Grootmeisie weer praat. **Onthou**: Kyk na die puntetoekenning: jy moet **EEN** sin vir elke vraag skryf.*

Antwoord: 2.3.1 ……………………………………………………………………………

2.3.2 ……………………………………………………………………………

2.4 Waarom is Blanchie (reël 5) vir Map so belangrik? (1)

***Ontleding**: Lees eers wéér reël 5. **Waarom** beteken: (gee 'n rede/ verduideliking) wat **Blanchie** vir Map beteken (dink aan die verhouding tussen Map en Blanchie). **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin skryf waar jy na elke karakter elkeen kyk.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.5 Blanchie ervaar innerlike konflik oor haar en Map se verhouding. Dink jy Blanchie het korrek OF verkeerd opgetree deur Map nie meer in die tronk te besoek nie? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse. (3)

***Ontleding**: **Innerlike konflik** beteken: (wanneer jy met jouself bots ). **Dink jy** beteken**:** (gee jou mening/opinie) of Blanchie **korrek** OF **verkeerd** optree . Jy moet **EEN** van die optredes kies(korrek of verkeerd) en verduidelik. Daarna moet jy **TWEE** bewyse skryf. **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin skryf oor korrek of verkeerd en dan **TWEE** bewyse skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.6 Lees weer die kursiefgedrukte woorde in reël 8.

2.6.1 Wat word sulke woorde genoem? (1)
2.6.2 Wat is die funksie van dié woorde in hierdie gesprek? (1)

***Ontleding**: **Kursiefgedrukte** woorde beteken **skuinsgedrukte** woorde. By vraag 2.6.1 **Wat** beteken**:** (skryf slegs die naam neer). By vraag 2.6.2 **Wat** is die **funksie** beteken: (waarom tree Antie Grootmeisie so op?) **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin by elke vraag skryf.*

Antwoord: 2.6.1……………………………………………………………………………

2.6.2……………………………………………………………………………

2.7 Watter rol speel die *social worker* (reël 9) in Map se lewe? (1)

***Ontleding**: Jy moet eers weet wat 'n **social worker** (maatskaplike werker) is en na wie verwys hulle in reël 9? **Watter** beteken: (noem /verklaar/verduidelik) watter **rol** beteken:(waarmee help sy vir Map?). **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………..

2.8 Lewer kritiese kommentaar op die volgende stelling deur TWEE bewyse aan te voer:
Die tipiese Kaapse Afrikaans, wat in hierdie dialoog gebruik word, pas by die karakters. (2)

***Ontleding**: **Kritiese kommentaar** beteken: (druk jou mening uit op die stelling) oor die **taalgebruik** ( tipiese Kaapse Afrikaans )wat die karakters in die uittreksel gebruik. Skryf eers die **TWEE bewyse** uit die teks van Kaapse Afrikaans en maak dan jou gevolgtrekking. **Onthou**: Gebruik die woorde: ... daarom sê ek / voel ek dat …*

Antwoord: ……………………………………………………………………………..

2.9 Bestudeer reël 14–18.

2.9.1 Watter simboliek lees jy in die feit dat Map juis op die *sewende* (reël 17) vrygelaat word? (1)
2.9.2 Watter enkele woord suggereer dat Antie Grootmeisie bly is oor Map se vrylating? (1)
2.9.3 Hoe sluit die woord *annermaand* by die drama se titel aan? (1)

***Ontleding**: **Bestudeer** beteken: (kyk aandagtig na reëls 14 tot 18) By vraag **2.9.1 Watter** beteken: (noem /verklaar ) die **simboliek** beteken: ('n teken of voorwerp wat 'n ander saak verteenwoordig/simbool )dat Map op die **sewende** (simboliese betekenis van sewe)vrygelaat word. By vraag **2.9.2 Watter enkele** woord beteken: (noem EEN word) **suggereer** beteken : ( impliseer / jy moet aflei). By vraag **2.9.3 Hoe** beteken: **(**bewys uit die teks). Kyk na die titel en verduidelik dan hoe die woord **annermaand** daarby aansluit. **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** antwoord by elke vraag skryf. By vraag **2.9.2** moet jy slegs **EEN** woord as antwoord skryf*

Antwoord: 2.9.1 ……………………………………………………………………………

2.9.2 ……………………………………………………………………………

2.9.3 ……………………………………………………………………………

**EN**

**TEKS 4**

| | |
|---|---|
| LA GUMA: | En dan, wanner 'n man se history ge-destroy is, wanner hulle die original hys van jou family ge-destroy het, en al jou connections oek moet die mense wat jy geken het, en al daai resentment in jou opgestook het ... Well, you've got to start again, somehow, right? ... All over again, mister Cavernelis ... in this ... wasteland ... Hierso waar daar niks direction is nie, man hierso waar hulle vir jou, en vir my, en vir al onse families, in-geforce het ... Group areas ... |
| CAVERNELIS: | Maar dis hoekô ons hierso wil yt ... |
| LA GUMA: | So ons ammal soek 'n identity, 'n direction ... Kyk maar Map Jacobs se tattoos, man ... daai's 'n search vir identity! |
| MAUD: | (*verskyn self by die venster*): Cavernelis-darling, now really! |
| CAVERNELIS: | Ek is nóú daar, Maudie ... |
| LA GUMA: | O, good evening, missus Cavernelis ... |
| MAUD: | Evening? Evening? It's the bloody dead of night mister La Guma! |

2.10 Bespreek die sosio-politieke agtergrond waarna La Guma in reël 1 verwys. (2)

***Ontleding**: Lees wéér reël 1. **Bespreek** beteken: (verduidelik/verklaar ). Sosio-politieke agtergrond beteken: (sosiale- en ekonomiese omstandighede) **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **TWEE** antwoorde skryf.*

Antwoord: ………………………………………………………………………………………

2.11 In reël 2–9 praat La Guma van ***hulle*** en ***hulle* optrede.**

Wie is *hulle*? Gee ook TWEE bewyse uit die drama dat ***hulle*** optrede Map se lewe beïnvloed het. (3)

***Ontleding**: Lees wéér reëls 2 tot 9. **Wie** beteken: (noem die persone/groep waarna La Guma verwys). Dan moet jy TWEE bewyse beteken: (skryf TWEE voorbeelde uit die drama) dat **hulle optrede** Map se lewe **beïnvloed** beteken: die groep waarna jy*

*in die eerste gedeelte van die vraag verwys het, het 'n invloed op Map se lewe gehad. Jy moet nou verduidelik hoe dit sy lewe beïnvloed het.*
***Onthou**: Puntetoekenning: jy moet DRIE antwoorde skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.12 La Guma slaag nie daarin om uit sy omstandighede te ontsnap nie. Motiveer hierdie stelling. (1)

***Ontleding**: **Motiveer** beteken: (verduidelik) hoekom La Guma nie uit sy omstandighede **ontsnap** beteken: (vlug/padgee nie). **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin skryf.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.13 Cavernelis dui in reël 10 aan dat hy en sy gesin ***hierso wil yt …*** Waarom is Cavernelis se dood, teen die einde van die drama, dan ironies? (1)

***Ontleding**: Lees wéér reël 10. Jy moet weet waarna die woorde **hierso wil uit**… verwys. **Waarom** beteken: (verduidelik/gee redes /verklaar )is Cavernelis se dood **ironies** beteken: ( noem TWEE dinge wat jy verwag teenoor dit wat eintlik plaasvind / gesê word…). **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN** sin skryf waar jy na TWEE verskillende dinge verwys.*

Antwoord: ……………………………………………………………………………………

2.14 Dié uittreksel sluit baie goed by die tema van hierdie drama aan.

2.14.1 Formuleer die tema van die drama na aanleiding van die uittreksel. (1)

2.14.2 Waarom is dié tema steeds aktueel? (1)

***Ontleding**: **Tema** beteken: (hoofgedagte/ boodskap). By vraag **2.14.1** moet jy 'n tema skryf wat by TEKS 4 se uittreksel pas. **Waarom** beteken: (jy moet verduidelik) hoekom die tema wat jy by **2.14.1** skryf **aktueel** is. **Aktueel** beteken: (werklik/ vandag nog van toepassing). **Onthou**: Puntetoekenning: jy moet **EEN tema** skryf en dan verduidelik waarom dit nog **aktuee**l is?*

Antwoord: 2.14.1 ……………………………………………………………………………
2.14.2 ……………………………………………………………………………

**TOTAAL: [25]**

**MEMORANDUM**

**VRAAG 1**

**TEKS 1**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | **Johnnie** is sy gewone naam en dui op sy positiewe karaktereienskappe. √<br>**Map** is sy bendenaam en dui op die negatiewe sy van sy karakter. √ | 2 |
| 1.2 | Hy het al die identifiserende tatoeeërmerke van die verskillende bendes op sy lyf laat aanbring.√<br>Dit is die kaart van sy lewe (sê wie hy is (identiteit) en waar hy hoort en wat hy gedoen het (sy "geography" en "history") en daarom noem hulle hom Map.√ | 2 |
| 1.3 | Twee vroue (Antie Grootmeisie en Kleinmeisie Jacobs) is beroof en verkrag. √ Hierdie misdaad het skeefgeloop en lei tot twee moorde, Antie Grootmeisie se stomheid en Map se aanhouding. √ | 2 |
| 1.4.1 | Hy word skuldig bevind aan moord/<br>Hy word tot 12 jaar gevangenisstraf gevonnis. √<br>(Enige EEN) Hiervan het hy 7 jaar uitgedien, voordat hy op | 1 |
| 1.4.2 | parool vrygelaat is. √ | 1 |
| 1.5.1 | Hulle het 'n goeie verhouding. √ | 1 |
| 1.5.2 | Hulle werk saam aan Cavernelis se ideaal om uit die township te ontsnap. / Cavernelis wil net die beste vir Blanchie hê en glo dat dit buite die township lê. /<br>Blanchie respekteer haar pa en waardeer sy opofferings in belang van sy gesin. √<br>(Enige korrekte motivering wat dui op 'n goeie verhouding.) | 1 |
| | | **/10/** |

**TEKS 2**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.6 | **Blanchie** bedoel reël 1 figuurlik/Blanchie verwys na haar tyd as prostituut √<br>Vir **Map** is Blanchie (innerlik en uiterlik) werklik baie mooi. √ | 2 |
| 1.7 | **Johnnie** was slim/talentvol met leierseienskappe /wou graag verder studeer. √ **Blanchie** was baie mooi/kon 'n (internasionale) model word. √ | 2 |
| 1.8 | Hulle wou die twee vroue beroof. √<br>**EN**<br>Die bende kon die twee vroue verkrag. √ | 1<br><br>1 |
| 1.9 | Sy het buite-egtelik swanger geraak/ 'n aborsie gehad. √ | 1 |
| 1.10 | Cavernelis pleeg selfmoord √<br>Toe Blanchie nie die modelkontrak kry nie, blameer sy en Maud vir Cavernelis. √<br>Cavernelis was so geskok en teleurgesteld – hy gryp sy tas met die *soft goods* en ry voor die trein in.√ | 1<br>1<br>1 |
| | | **/10/** |

**VRAAG 2: TEKS 3**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | In die tronk √ | 1 |
| 2.2 | Sy ma ken hom nie eintlik as Map nie./<br>Vir Antie Grootmeisie is hy Johnnie./<br>Hy wil aandui dat hy verander het. √ | 1 |
| 2.3.1 | Sy is stom vandat sy verkrag en haar dogter vermoor is./<br>Sy kan nog nie praat nie./<br>Vergifnis het nog nie plaasgevind nie. √ | 1 |
| 2.3.2 | Map het sy skuld bely/alles vertel nadat hy bekeer is./<br>Cavernelis moes sterf/boete doen./<br>Map moes voor sy ma kniel./Dit was 'n vergifnisdaad. √ | 1 |
| 2.4 | Hy is lief vir haar. /<br>Sy was sy jeugliefde. √ | 1 |
| 2.5 | Korrek √<br>**EN**<br>Haar pa het haar verbied om iets met Map te doen te hê./<br>Sy werk baie hard aan haar modelloopbaan./<br>Sy het kontak met ander mans./<br>Blanchie voel skuldig oor haar aktiwiteite. √√<br>**OF**<br>Verkeerd √<br>**EN**<br>Sy het aanvanklik vir hom gaan kuier en moes nie van plan verander het nie./<br>Iemand wat in die tronk is, het geliefdes se ondersteuning nodig. Deur hom te ondersteun, sou sy dalk minder tyd gehad het om met ander mans deurmekaar te wees. √√ | 1<br><br>2 |
| 2.6.1 | Neweteks/<br>Toneelaanwysings/ Subteks √ | 1 |
| 2.6.2 | Dit gee inligting oor die karakter se reaksies./<br>Dit laat die gehoor/kyker die gepaste reaksie sien. √ | 1 |
| 2.7 | Sy moet hom voorberei vir sy terugkeer na die lewe buite die tronk./<br>Sy help hom om werk te kry na sy vrylating. √ | 1 |
| 2.8 | Die taal pas in die mond van die sprekers./<br>Dit maak die sprekers geloofwaardig./<br>Dit help met karakterisering. √ √<br>*Enige TWEE bewyse* | 2 |
| 2.9.1 | Vir Map lê daar 'n positiewe/beter/volmaakte tyd/lewe voor./<br>Sewe simboliseer volmaaktheid en dit is dus goed dat Map juis op die sewende vrygelaat word. √ | **1** |
| 2.9.2 | "lewendig"/<br>"opgewonde"√ | **1** |
| 2.9.3 | Kersfees/Krismis vind plaas in Desember. √ | **1** |
| | | **/15/** |

**TEKS 4**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.10 | Die gebeure speel af in die tyd van die gedwonge verskuiwings deur die Apartheidsregering/sestigerjare./ √<br>Inwoners van Distrik Ses is gedwing om op die Kaapse Vlakte te gaan bly as gevolg van die Apartheidsregering se beleid. √<br>Die kandidaat ontvang 'n punt elk vir sosiale en politieke agtergrond. | 1<br><br>1 |
| 2.11 | Die Apartheidsregering √<br>EN<br>Hy is gedwing om by bendes betrokke te raak.<br>Hy kon nie werk kry nie/moes met die minimum klaarkom en was arm.<br>Hy het na sy identiteit en erkenning gesoek.<br>Hy het toegelaat dat sy bende vroue verkrag en vermoor/het in die tronk beland. √√<br>Enige TWEE bewyse | 1<br><br>2 |
| 2.12 | La Guma het baie gepraat, maar niks gedoen om sy eie situasie te verbeter nie. √ | 1 |
| 2.13 | Cavernelis pleeg selfmoord en laat sy vrou en Blanchie in baie hagliker omstandighede as wat hulle was./<br>Sy strewe na beter dinge veroorsaak dat hy sy vrou en dogter verloor./<br>Hy laat toe dat mense Blanchie misbruik (in sy strewe om 'n beter lewe te bekom) wat tot sy dood lei./<br>Sy strewe na 'n beter lewe lei tot sy dood./<br>Hy kom juis uit sy omgewing deur te sterf/ontsnap deur dood te gaan. √ | 1 |
| 2.14.1 | Mense het behoefte aan erkenning/koers/rigting/identiteit. √ | 1 |
| 2.14.2 | Mense in Suid-Afrika ly steeds onder die invloed van die Apartheidsjare se soeke na identiteit./<br>Die stryd tussen die verskillende rasse in Suid-Afrika woed steeds./<br>Bendegeweld voer steeds hoogty op die Kaapse Vlakte./<br>Ter wille van 'n beter toekoms en identiteit verlaat baie mense ons land./<br>Elke mens streef na 'n sinvolle toekoms waarin hy/sy sukses kan bereik. √ | 1 |
| | | **/10/** |

**TOTAAL: [25]**

## VRAESTEL 3: SKRYF

11 Desember 2020 – Dit is heel moontlik jou laaste vraestel van jou skoolloopbaan. Hou kop!

- Baie leerders is geneig om hierdie deel van die eksamen nie baie ernstig op te neem nie nie, maar dit is jou geleentheid om seker te maak dat jy die hoogste moontlike punt vir Afrikaans behaal.
- Met min moeite kan jy sommer baie ekstra punte verdien!
- Die Transaksionele tekste tel altesaam 50 punte (Baie meer as enige afdeling by Taal of Letterkunde).

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hieronder volg die instruksies en inligting van hierdie vraestel. Lees dit deeglik deur.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) (50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:
   AFDELING A: ongeveer 80 minute
   AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Vir die doel en funksie van hierdie hersieningspakket gaan ons net fokus op AFDELING B: **DIE LANGER TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE**. In Afdeling B van hierdie vraestel is daar 6 langer transaksionele stukke. Jy moet 2 transaksionele stukke (2 x 25) in die vraestel beantwoord en dit word volgens ‘n rubriek geassesseer.

DIE **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LANGER TRANSAKSIONELE STUKKE – HUISTAAL** beslaan 25 PUNTE. Hierdie matriks/rubriek bestaan uit TWEE KRITERIA waarvolgens die punte aan jou toegeken word, nl.:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | Inhoud, Beplanning en Formaat | [15 punte] | 60% |
| 2. | Taal, Styl en Redigering | [10 punte] | 40% |

Jy kan dus sien: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** is baie belangrik. Jy moet deeglik en gefokus beplan en ook al die formate deeglik ken om goeie punte te verdien.

**FORMATE VAN TRANSAKSIONELE TEKSTE**
Jy kan al die formate in die volgende bron bestudeer.

Departement van Basiese Onderwys, Augustus 2019 *Afrikaans Studiegids vir die skryf van opstelle en transaksionele tekste.*

https://qrgo.page.link/K8dv8

Hier is die lys van transaksionele skryfstukke waaruit die vraestel opgestel word:

| KATEGORIE A | KATEGORIE B | KATEGORIE C | KATEGORIE D |
|---|---|---|---|
| Briewe:<br>• Formeel<br>• Informeel | • CV en dekbrief (formeel)<br>• Huldeblyk | • Verslag (formeel en informeel)<br>• Resensie<br>• Koerantberig<br>• Tydskrifartikel<br>• Agenda en notule | • Toespraak (formeel en informeel)<br>• Dialoog<br>• Geskrewe onderhoud |

Leer die formate van al hierdie bogenoemde langer transaksionele skryfstukke. Maak seker dat jy dit ken. By die opstel van die vraestel kies die eksaminator **ses** tekste vir Afdeling B uit hierdie lys. Daar moet 'n vraag oor een transaksionele teks uit elke kategorie gestel word en dan nog twee uit enigeen van die kategorieë hierbo.

**Let daarop dat daar 'n skryfstuk uit elke kategorie gevra MOET word.**

- Lees al die onderwerpe eers deur en maak seker jy verstaan wat elkeen beteken
- Kies die onderwerp wat jy verstaan, wat 'n emosie by jou opwek, wat jou interesseer en waarvan jy ondervinding het.
- Jy MOET BEPLAN. Jy kan nie net sommer wegval en begin skryf nie.

**TRANSAKSIONELE TEKSTE WAT DIE AFGELOPE DRIE JAAR IN DIE NSS-EKSAMEN GEVRA IS:**

| KATEGORIE | 2017 | 2018 | 2019 |
|---|---|---|---|
| A | Informele brief | Informele brief | Informele brief |
| | Formele brief (versoek) | Formele brief (versoek) | Formele brief (dankie) |
| | | | |
| B | Huldeblyk | | Huldeblyk |
| | | Formele brief (aansoek) | Formele brief (aansoek) |
| | | | |
| C | Koerantartikel | Tydskrifartikel | Koerantberig |
| | Formele verslag | Informele verslag | |
| | | | |
| D | Onderhoud | Onderhoud | |
| | | | Toespraak |

## 1. HOE MOET JY DIE OPDRAGTE IN DIE EKSAMEN BENADER?

**DIE TRANSAKSIONELE OPDRAG: Hoe /Waar begin jy?**




Ontgin al jou sintuie …

| | | |
|---|---|---|
| **I. Op julle merke …** | Ontleed elke onderwerp deeglik. Maak seker jy verstaan wat elkeen beteken. | *Inhoud:* Wie, Wat, Waar, Wanneer, Hoe, Waaroor<br>*Formaat:* Informeel/Formeel |
| **II. Gereed** | Ken die skryfstukke se formate. | Onderskei tussen informele briewe, verslae, artikels, berigte, agenda en notules, CV en dekbriewe, resensies, huldeblyke, ens.<br>Pas kennis van sin- en paragraafbou toe. |
| | Beplan | Doen navorsing oor onderwerp indien nodig.<br>Beplan die inhoud van elke paragraaf - skryf hoofgedagte van elke paragraaf neer. |

| | | |
|---|---|---|
| **III. Weg!** | Skryf 'n eerste poging. | Gee 'n aanduiding dat dit jou **EERSTE POGING** is. Moet nog nie 'n lyn deurtrek nie. |
| | Redigeer | Redigeer jou eerste poging t.o.v. taalgebruik, woordeskat, formaat en opdrag. |
| | Skryf | Skryf nou jou finale werkstuk.<br>Trek nou eers 'n lyn deur jou **EERSTE POGING.** |

**2. VOORBEELDE:**

(LET WEL: Die **NSS AFR HT Vr 3-2019** is as voorbeeld by die volgende vrae gebruik.)

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

*Onthou dit!*

*Belangrik dat jy hierby hou.*

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf **180 tot 200 woorde** oor elkeen. Skryf die **nommer en die titel/opskrif** van die teks wat jy gekies het, neer.

*NB! Anders weet die eksaminator nie waaroor jy geskryf het nie.*

**2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

***Informele brief/Vriendskaplike brief:** Dit is 'n brief wat aan 'n kennis/familielid/vriend/ geliefde geskryf word om op 'n informele wyse te kommunikeer. Dit word ook geskryf om iemand in te lig of om vriendskappe te verstewig.*

**OPDRAG:**

'n Geliefde familielid vier 'n belangrike gebeurtenis tydens 'n naweek waartydens jy reeds ander verpligtinge het.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hom/haar waarin jy verskoning maak deur redes aan te voer waarom dit nie vir jou moontlik sal wees om die gebeurtenis by te woon nie.

**[25]**

**NASIENRIGLYN: (Hoe jou skryfstuk nagesien word)**

Jy moet 'n vriendskaplike brief aan 'n familielid skryf om verskoning aan te bied waarom jy nie 'n belangrike gebeurtenis kan bywoon nie.

*Hou in gedagte:*

-  Gebruik informele taal, register en styl.
-  Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
-  Skryf logies en volgens 'n spesifieke doel.
-  Daar moet 'n inleiding, liggaam en slot wees.
-  Die adres en die datum moet boaan verskyn.
-  Na die skrywer se adres volg 'n informele aanhef.
-  Sluit die brief informeel/semiformeel af, gevolg deur die skrywer se naam.

**2.2 FORMELE BRIEF: DANKIESÊ-BRIEF**

> ***Formele briewe :***
> *Die volgende briewe word as formele briewe beskou : sake-, versoek-, klagte, aansoek -, bedanking-, gelukwensing en simpatie briewe.*
> ***Aanspreekvorme in formele briewe:***
> *•Indien die aangesprokene se titel en van nie bekend is nie, spreek die persoon dan aan as Meneer / Geagte Meneer*
> *•Indien die aangesprokene se titel en van wel bekend is, spreek die persoon dan aan as Geagte Meneer Bekker / meneer Bekker /Geagte mevrou Nel*
> *•Die volgende reël geld in die AWS van 2017, Voorletters en afkondigings van nie-saamgestelde titels kan met of sonder punte geskryf word: dr. P.J. Mostert of dr P J Mostert*

**OPDRAG:**

Julle matriekklas het gevoel dat julle ekstra motivering voor die aanvang van die eindeksamen nodig het en het daarom 'n motiveringspreker genooi om julle toe te spreek. Skryf 'n DANKIESÊ-BRIEF om julle waardering vir die praatjie uit te spreek en sê ook watter waarde sy/haar boodskap vir julle ingehou het. **[25]**

**NASIENRIGLYN:**

Die brief fokus op die waardering wat julle matriekklas uitspreek teenoor die motiveringspreker asook die waarde wat sy/haar boodskap vir die groep ingehou het.

*Hou in gedagte:*

-  Die formaat is formeel.
-  Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n gepaste afsluiting wees.
-  In die inhoud moet daar 'n duidelike aanduiding wees van die waardering wat die groep uitspreek asook 'n uiteensetting van die mate waartoe die boodskap die groep gemotiveer het.
-  Die styl is saaklik, maar hoflik.
-  Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
-  Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar in 'n formele register.
-  Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet

gegee word.

**2.3 HULDEBLYK**

***Kenmerke van 'n huldeblyk***

*• 'n Huldeblyk is 'n eerbewys vir iemand wat oorlede is.*
*• Gewoonlik sal iemand 'n huldeblyk so skryf dat dit mondelings gelewer word, maar van so 'n aard is dat diegene wat dit op skrif wil hê, dit kan kry.*
*• Meld inligting soos: die oorledene se naam en van, adres , ouderdom , datum van afsterwe , plek waar die persoon oorlede is, oorsaak van die dood , duur van siekte , name van naasbestaandes.*
*• Prestasies hoogtepunte opleiding / gemeenskapsbetrokkenheid moet genoem word.*
*• Noem dit waaroor julle die persoon sal onthou.*
*• Noem gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene ; persoonlike herinneringe van familie en vriende*
*• Die leser moet 'n duidelike beeld van die oorledene kan vorm en familie moet vertroos word.*
*• 'n Persoonlike boodskap soos 'n gedig kan bygevoeg word.*
*• Dit taal , styl en register is gewoonlik formeel*
*• Gebruik eufemismes , bv . met haar heengaan i.p.v . haar dood*
*• 'n Huldeblyk kan ook gelewer word wanneer daar hulde aan 'n lewende persoon betoon word, soos bv.'n skoolhoof wat die skool verlaat of iemand wat 'n groot / belangrike mylpaal in sy/ haar lewe bereik het.*

**OPDRAG:**

'n Oudleerder het onlangs nasionale kleure in 'n sportsoort ontvang.
Skryf 'n HULDEBLYK oor hierdie persoon wat jy tydens 'n spesiale skoolfunksie gaan lewer.

**[25]**

**NASIENRIGLYN:**

Die inhoud konsentreer op die prestasie van 'n oudleerder waarvoor hy/sy deur middel van 'n huldeblyk erkenning van sy/haar skool ontvang.

*Hou in gedagte:*

- By hierdie huldeblyk moet die korrekte teikengehoor formeel gegroet word: Geagte skoolhoof, personeel en ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Skryf weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem.

## 2.4 DEKBRIEF

> ***Aansoekbrief/Dekbrief/Begeleidingsbrief***
> *Hierdie soort brief vergesel 'n aansoek om betrekking.*

**OPDRAG:**
Jy besluit om na aanleiding van die advertensie hieronder by die Laerskool Ligbron om die geadverteerde pos aansoek te doen.

**Laerskool Ligbron**
**Kruisfontein**

Beskik oor 'n vakature vir 'n **kultuurassistent** vir 2020

- **Pligte:** Afrigter: Junior debatspanne
  Medeorganiseerder: Musiekfees
  Hulpregisseur: Skoolkonsert (graad 7-groep)

- **Vereistes:** Voornemende onderwysstudent
  Bewese prestasies op kultuurgebied

Stuur jou CV en dekbrief aan:

***Die Hoof***
***Laerskool Ligbron***
***Posbus 1876***
***Kruisfontein***
***3436***

Jy het reeds jou CV volledig opgestel. Skryf nou slegs die DEKBRIEF wat saam met jou CV as aansoek na die skool gestuur moet word. **[25]**

**NASIENRIGLYN:**
Die dekbrief fokus op die jou aansoek om die geadverteerde pos as kultuurassistent by die laerskool.
*Hou in gedagte:*
- Die relevante inligting in die dekbrief/aansoekbrief behoort uit die advertensie afgelei te word, maar jy mag ook ander relevante inligting insluit.
- Die formaat van die dekbrief/aansoekbrief moet korrek wees: die adres van sender, aanhef, onderwerpsin, paragrawe en afsluiting.
- Die adres van die sender kom regs, boaan, in blokvorm.
- Die datum word vol uitgeskryf.
- Die vorm van die dekbrief moet aan al die vereistes van 'n formele brief voldoen.
- Die brief word deur die aansoeker onderteken; die aansoeker se voorletter en van kan onder die handtekening geskryf word.

**2.5 KOERANTBERIG**

> ***Koerantberig en Tydskrifartikel:***
> *Dit is skryfstukke wat oor 'n bepaalde gebeurtenis / onderwerp geskryf is. Dit word in 'n koerant tydskrif gepubliseer . Dit gee feite aan lesers oor aktuele onderwerpe . Die doel is om die leser in te lig , op te voed en te vermaak.*

**OPDRAG:**
Julle skool het vanjaar die wenner in die jaarlikse Matrikulant van die jaar-kompetisie opgelewer.
Skryf 'n KOERANTBERIG vir die plaaslike koerant oor 'n prestigeaand waartydens die skool hierdie matrikulant op luisterryke wyse gelukgewens het. **[25]**

**NASIENRIGLYN:**
Die koerantberig fokus op die geleentheid én die matrikulant/persoon wat tydens die Matrikulant-van-die-jaar-kompetisie gelukgewens word.
*Hou in gedagte:*
- Dink na oor 'n titel, inleiding (agtergrond, doel en omvang), die inhoudsgedeelte (Wie? Hoekom? Waar? Wanneer? Wat? Hoe?), samevatting/slot.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semiformele of formele taal, register en styl.
- Die kandidaat kan gebruik maak van:
- teenwoordige tyd;
- selfstandige naamwoorde
- die derde persoon;
- feitelike beskrywing;
- tegniese woorde en frases; en
- formele, onpersoonlike taal

**2.6 INFORMELE TOESPRAAK**

> ***Geskrewe formele toespraak:***
> *'n Toespraak word gelewer om 'n gehoor van jou standpunt te oortuig, om hulle oor 'n saak in te lig of om iemand geluk te wens of te bedank.*

**OPDRAG:**
Jy maak deel uit van jou skool se bemarkingspan wat julle skool aan voornemende graad 8-leerders vir 2020 moet bekendstel.
Skryf die TOESPRAAK wat jy vir hulle in die skoolsaal gaan lewer.

**[25]**

**NASIENRIGLYN:**
Die toespraak handel oor die redes waarom voornemende graad 8-leerders 'n keuse ten opsigte jou skool moet maak.

*Hou in gedagte:*

- By hierdie toespraak moet die gehoor op 'n gepaste wyse gegroet word: Beste graad 7's ...
- Die styl moet by die geleentheid en die gehoor pas.
- Skryf weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Die inleiding moet die gehoor se aandag prikkel.
- Die inhoud van die toespraak moet in paragrawe aangebied word.
- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem.

**3. WENKE**

- Maak doodseker dat jy die formaat van ELKE skryfstuk op die punte van jou vingers ken.
- Jy moet weet wat die spesifieke doel van elke skryfstuk is.
- Die teikengroep moet altyd ingedagte gehou word. (vir wie skryf jy)
- Die taalgebruik en styl moet aanpas by die aard van die skryfstuk, bv:
    - Aansoekbrief – Formeel
    - Dialoog – Formeel/Informeel [afhangend van die opdrag]
    - Vriendskaplike brief – Informeel
    - Koerantberig – Taalgebruik altyd saaklik
- Vermy beledigende of vuiltaal.
- Gebruik leestekens, pelling en taalgebruik korrek en gepas.
- Gebruik 'n wye verskeidenheid woorde.
- Gebruik die denotatiewe (letterlike ) sowel as die konnotatiewe (figuurlike ) betekenis van woorde.
- Gebruik formele en informele taal (slengs, spreektaaluitdrukkings) binne konteks.
- Brei sinne uit deur middel van bywoorde en byvoeglike naamwoorde, byvoorbeeld: Die ou man met die kierie loop kordaat in die straat.
- Elke skryfstuk moet deeglik en sinvol beplan word.
- Hou altyd by die gegewe aantal woorde.
- Waak daarteen om 'n "geblikte skryfstuk" ('n vooraf uitgewerkte skryfstuk) in te handig.
- Die adres, aanhef en afsluiting vorm nie deel van die aantal woorde nie.

---

Dankie dat jy deur die hersieningspakket gewoel het. Indien jy nog onseker is, lees weer deur en maak seker dat jy ten volle voorberei het. Kry vir jou 'n maatjie vir 'n praatjie.

Dis altyd goed om idees, wenke en sienings met mekaar te deel.

Matriek 2024 is uniek. Jý is uniek. Maak jou sukses en prestasie ook uniek.

---

**Ekstra oefening oor *Onderwêreld* (Fanie Viljoen)**

**Hierdie is 'n ekstra hersieningsoefening wat jou sal help om die verhaal se detail en dieper betekenis te verstaan. Probeer om dit met elke hoofstuk te doen tydens jou voorbereiding vir die finale eksamen.**

**Hoofstuk 35**

Lees die uittreksels met gepaardgaande kommentaar noukeurig deur en beantwoord die skuinsgedrukte vrae.
Beantwoord eers al die vrae op jou eie en vergelyk dit dan met die memorandum.

**Uittreksels: bladsy 220 – 222**
Konteks: Hoofstuk 35 handel oor die onthulling oor wat met Eckardt se pa – die regter in 'n bedrogsaak teen Greg se pa en Dok Pienaar - gebeur het. Hy is deur die twee aangeklaagdes omgekoop en afgepers. Na die uitspraak teen hulle, het hy spoorloos verdwyn – Dok se handewerk.

**"En demmit, ek wil nie, maar ek voel hoe ek begin hartseer word. Ek wil vloek. Maar ek wil ook sê ek is jammer. Ek wil sê: "Pa, hoe kon jy dit doen? "Ek wil my vuiste bal en hom slaan soos ek vir Eckardt geslaan het. Maar somehow doen ek nie een van die dinge nie."**

**Kommentaar:**
Greg wil met sy pa praat. Hy geniet dit nie om sy pa onder kruisverhoor te neem nie. ("En demmit, ek wil nie, …") Greg kyk na sy pa, hy wil kwaad wees, maar hy voel hartseer. Hy wil vloek, maar hy wil ook jammer sê. Greg besef dat hy sy pa nooit geken het nie.

***Vraag 1**: Hoekom wil Greg nie jammer voel vir sy pa nie? Gee twee redes.* (2)

**"Dis tyd vir grootword."**

***Vraag 2**: In die voorafgaande sin is daar sterk sprake van karakterontwikkeling by Greg. Motiveer.* (2)

**Wenke**: Karakterontwikkeling dui op insigte waartoe die karakter kom.
Motiveer beteken jy moet redes verskaf.

**"En terwyl ek so na my pa kyk, sien ek vir die eerste keer hoe hy pynlike oomblik vir oomblik afgetakel word. Sy skouers sak laer. Sy fors houding verkrummel. Skanse breek. Wat is die storie van die regter, Pa? Die regter? Asseblief, Pa! Selfversekerd. Onverskrokke. Dis hoe ek dink hy sal reageer. Dis hoe ek hom ken.**
**Maar nee, die woorde breek stukkend oor sy lippe." Ek wou nie hê jy moes weet nie. Maar . . . oukei . . . oukei . . . Hy laat sak sy kop 'n oomblik voor hy verder praat."**

**Kommentaar**:
Greg se pa verander voor Greg van selfversekerd en onverskrokke na 'n stotterende mens.

***Vraag 3**: Watter voordele hou die ek-verteller vir die roman in?* (2)

**Wenke**: Die verteller is nie die skrywer nie. Die ek-verteller is een van die karakters, (gewoonlik die hoofkarakter) in die verhaal. Die ek-verteller word deur die woorde "ek" en "ons" aangedui.

**"Weer ontsnap daar 'n geluid uit my ma se keel. Daardie regter, Pa . . . sê ek toe. Ekardt, of wat sy naam ook al is , is sy seun. My pa se kop ruk regop. Dit het hy nie geweet nie, sien ek."**

**Kommentaar**:
Greg se pa en Dok Pienaar het 'n farmaseutiese maatskappy besit. Die finansies was goed, maar 'n transaksie kon dit kelder. Inligting wat hulle aan die aandeelhouers bekend moes maak, het hulle vir hulleself gehou. Die aandele was hoog en Dok en Greg se pa het hulle aandele stilweg verkoop. Die maatskappy het "gesink soos 'n klip" en die ander aandeelhouers het nie geweet wat hulle tref toe die transaksie deurgaan nie.
Die saak teen hulle twee was sterk en dit is toe dat Dok Pienaar besluit het om die regter om te koop. Die bedrag was reg en dit het gewerk. Hulle het die gesprek op band opgeneem. Die regter het sy geld gekry, maar sy gewete het hom gepla. Toe hy kop wou uittrek, het hulle die band teruggespeel. Dok het gedreig om dit polisie toe te neem. Die pa het losgekom en Turret Media begin. Die regter het na die uitspraak wat hulle van alle skuld onthef het, verdwyn. Dok het blykbaar iets daarmee te doen gehad.

***Vraag 4**: Wat is die verband tussen die regter en Greg se pa?* (3)

**"Soos die eggo van 'n pistoolskoot, jare nadat die sneller getrek is , kom die knal terug."**

**Kommentaar**:
Greg sê dat daardie regter se seun, Eckardt / Ekk-o is. Sy pa skrik. Soos die eggo van 'n pistoolskoot kom dit terug. Die verwysing na die pistoolskoot roep weer die herinnering van Ekardt se pa met die 9 mm-pistool in sy hande (proloog) by die leser op.

***Vraag 5**: Hoe skakel die voorafgaande vetgedrukte gedeelte met die proloog en wat is die geÏmpliseerde betekenis van dié woorde vir Greg se pa?* (4)

**Wenke**: Hierdie vraag staan bekend as 'n stapelvraag. 'n Stapelvraag bestaan uit meer as een deel. Die onderafdelings word gewoonlik deur die voegwoord "en" geskei. Maak seker dat jy ál die dele beantwoord. GeÏmpliseerde betekenis verwys na die indirekte of verskuilde betekenis.

**"En nou, Pa? "Nou het julle weer met die scheme begin, nè? Die stof het mos al gaan lê op die vorige een. "Ek wil nie meer vir my pa kyk nie, maar ek moet die vraag vra:" Hoekom, Pa ?"**

**Kommentaar**:
Die "scheme" verwys na " Project Nursery Rhyme " . Dit is 'n projek waarvolgens 'n dodelike virus by mense gekweek gaan word deur middel van die toekenning van griepentstof in 'n gewone griepinspuiting sodat daar uiteindelik 'n teenmiddel daarvoor verkoop kan word. Dit is ironies dat die mans 'n kinderrympie gebruik vir hul bose projek. "The baker" is 'n viroloog , Dok Pienaar is " the butcher " en Greg se pa " the candlestick-maker . Dok Pienaar beplan om die virus te kweek, die viroloog gaan dit toets en Greg se pa gaan deur sy mediamaatskappye nuus oor die virus die "lig "laat sien.

***Vraag 6***: *"Nou het julle weer met 'n scheme begin … "Na watter vorige scheme van sy pa en Dok Pienaar verwys Greg?* (2)

***Vraag 7***: *Verduidelik watter nuwe scheme Greg se pa en Dok begin het*. (2)

**"Sy antwoord is een wat ek kon verwag het, die antwoord op elke besluit wat my pa neem as sakeman. " Die geld . "Weer sonder emosie. "Turret Media se finansiële syfers word vir die afgelope twee jaar gewindow dress, Greg. Daar is skuld wat die maatskappy nie kan betaal nie. Dit kan nie veel langer so aangaan só aangaan nie. Ek moes by Dok se planne inval as ek kop bo water wou hou."**

**Kommentaar**:
Rede? Greg se pa sê dit het oor geld gegaan. Turret media se finansiële syfers word gefabriseer. Die maatskappy is in finansiële moeilikheid . Greg se pa moes by Dok se planne inval as hy die maatskappy wou red.

***Vraag 8***: *Watter houvas het Dok Pienaar op Greg se pa gehad*? (2)

**"Ek staan op, sien uit die hoek van my oog hoe my pa sy hand halfhartig na my toe uitsteek om my terug te trek."**

***Vraag 9***: *Vergelyk Greg se pa se handeling in die voorafgaande gedeelte met die manier waarop die leser hom vroeëer in die roman leer ken het.* (2)

**Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur.**

**Kommentaar**:
Vroeër in die verhaal (hoofstuk 27) word Greg ook gekonfronteer met die donker kant van geld. Toe Greg besef dat Dok die virus laat maak het sodat die vaksine kan verkoop, sê hy: "En uiteindelik is dít die onderwêreld, is dit nie? Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang. "

**"Sorry dat Ma só moes uitvind," sê ek sag.**
**Ek loop deur toe, maar voordat ek by die kamer uitstap, steek ek weer vas. Draai terug na my pa toe. Daar is 'n laaste ding, Pa. Ek dink ek weet, maar ek wil net seker maak… Daardie pille wat John gedrink het, het dit van PlusUltraMed gekom?"**

**Kommentaar**:
Greg is jammer dat hy dit aan sy ma moet doen, maar hy vra of John die pille wat hy gedrink het van PlusUltraMed gekry het.

***Vraag 10***: *Wat was PlusUltramed en aan wie het dit behoort?* (2)

**"My pa hoef nie 'n woord te sê nie. Ek kry die antwoord toe ek sien hoe sy skouers ruk en sy lyf inmekaartrek."**

**Kommentaar**:
Sy pa se liggaam krimp ineen en sy skouers ruk soos hy huil. Greg kry sy antwoord.

**"Ek voel ek wil naar word. En huil soos my pa nou huil. Maar dis of die computer in my brein ge-crash het en ek nou in Safe Mode opgeboot is."**
**Kommentaar**:
Greg vergelyk sy gevoelens met 'n rekenaar wat ingegee het en op veilige modus

aangeskakel is. Hy voel dus heeltemal verslae en opereer net op 'n lae energievlak.

***Vraag 11***: *Watter opmerking het Greg se pa vroeër in die roman oor huil gemaak?* (1)

**"Ma, sal Ma na Pa kyk? Ek moet vir inspekteur Cele bel." Dis nie oor my pa dat ek nou vir haar wil kontak nie, Sy, sersant Botha en die ander polisie-eenhede wat betrokke gaan raak, sal mettertyd van hom uitvind. Ek kan dit nie keer nie. "Ek moet haar vertel van Ekk-0."**

**Kommentaar**:
Greg besluit om Inspekteur Cele te bel om haar van Ekk-0 te vertel. Hy wil vir haar vertel wat Eckardt se redes was vir wat hy gedoen het.

***Vraag 12***: *Hoe ondersteun Greg se handeling in die voorafgaande vetgedrukte gedeelte sy karakterontwikkeling?* (2)

***Vraag 13***: *Die titel van die roman het verskillende betekenisse. Watter betekenis van die titel is in uitttreksel 2 ter sprake? Noem nog twee ander betekenisse van die titel.* (3)

**<u>MEMORANDUM</u>**

1. Sy pa is 'n simbool van gesag – en dit is juis waarteen Greg rebelleer. / Hy is in opstand teen sy pa omrede sy pa wou hê hy moet soos John presteer. / Hy wou nog nooit in sy pa se voetspore volg in die media-wêreld nie. / Sy pa was altyd besig met werk, afsydig en koud en het min aandag aan Greg gegee. (2)
2. Greg besef dat party volwassenes in sy lewe, soos sy pa en Dok Pienaar, se waardestelsels korrup en krimineel is. Greg moet leer om sy eie wegte vind. (2)
3. Dit maak die vertelling geloofwaardig. Die romaninhoud is lewensgetrou. (2)
4. Greg se pa het saam met Dok Pienaar die regter omgekoop toe hulle bedrog gepleeg het en hom later afgedreig toe die regter nie meer wou saamspeel nie. Greg se pa is ook daarvan bewus dat die regter verdwyn het en het niks daaroor gerep nie. (3)
5. Die vetgedrukte gedeelte sowel as die proloog verwys na 'n pistool, die sneller en eggo. Greg se pa se sondes van die verlede haal hom nou in. (4)
6. Sy pa en Dok Pienaar was skuldig aan "insider trading " /bedrog toe hulle hul aandele verkoop het sonder om die res van die aandeelhouers in te lig. (2)
7. Hulle het 'n dodelike virus (soos voëlgriep ) en 'n entstof ontwikkel en wou geld maak deur die entstof te verkoop. (2)
8. Greg se pa was saam met Dok Pienaar by bedrog en omkopery betrokke. Weens die benarde geldelike situasie van sy media-maatskappy, moes hy by Dok Pienaar se misdadige planne betrokke raak. (2)
9. Vroeër in die roman kom Greg se pa sterk, dominerend, emosieloos en afsydig teenoor sy gesinslede voor; nou reik hy uit na Greg. (2)
10. Dit was Dok Pienaar se farmaseutiese maatskappy. (2)
11. Tydens John se begrafnis het hy Greg verbied om te huil. (1)
12. Hy neem beheer van die situasie; neem leiding in die gesin; die rolle het verander: hy is nou die leidende figuur in die gesin. Dit bewys dat hy van 'n onwetende tot 'n bewuste persoon gegroei het . Sy oogklappe het afgeval. (2)
13. Geldmag en korrupsie √ (plus enige twee van die volgende: emosie/ innerlike konflik / vrees vir die dood / kuberkrakery / misdaad (3)

*Alle sterkte met die voorbereiding op **sukses**!*